Ongekende vrede!

die blye Boodskap van die Kruis

Dr. James B. Richards

Impact Ministries

Publications Department
4410 University Dr.
Suite 105
Huntsville, AL 35816
USA

Telefoon: 256-536-9402
Faks: 256-536-4530

(Nie geaffilieer met IMPACT PUBLISEERDERS
San Luis Obispo, Kalifornië - VSA)

ERKENNING AAN

Lizel Stemmet, baie dankie vir die vertaaling na Afrikaans.

Kopiereg 1990 deur James B. Richards

ISBN:
Eerste uitgawe, Junie 1990
Tweede uitgawe, Desember 1993
Hersiene uitgawe, Mei 1995
Afrikaanse vertaling, 2004

OPGEDRA AAN

Hierdie boek word opgedra aan my oom, Bobby C. Goode.
Dankie dat jy ‘n rolmodel, vriend, voorbeeld en die enigste vader was wat ek ooit geken het.
Danksy jou onvoorwaardelike vertroue in my, kon ek in myself glo en te midde van haglike omstandighede tog uitstyg. Jy het hoë standaarde gestel sonder dat ek verwerp gevoel het en my gehelp om my God as ‘n Vader te leer ken.

ANDER PUBLIKASIES

Taking The Limits of God
The Prayer Organizer
Supernatural Ministry
Grace: The Power to Change
Leadership That Builds People, Vol.1
Leadership That Builds People, Vol.2
We Still Kiss
How to Stop the Pain
Breaking the Cycle
Effective Small Group Ministry in the New Millenium
My Church, My Family
Satan Unmasked

BEDIENINGE BESKIKBAAR

Impact International School of Ministry

Voltydse studies
Buitemuurse graadkursus
Korrespondensie kursus
Impact Tydskrif
Kasset en CD katalogus
Seminare
Konferensies
Leierskap Opleiding

Impact International School of Ministry

Impact International School of Ministry is ‘n unieke opleidingsentrum vir geestelike leiers. Ons lei ‘n nuwe geslag leiers op wat ongekend is aan enigiets wat hierdie geslag nog gesien het. Studente doen ‘n vers-vir-vers studie van elke Bybelboek wat fokus op die aktuele, sodat die studente nie net teoreties nie, maar ook prakties toegerus is.
Hierdie metode van opleiding rus leiers toe met meer praktiese ondervinding en teologiese kennis as baie gevestigde predikante en pastore.
Wanneer ons voltydse studente uit ons Huntville kampus gradueer, het hulle reeds honderde siele vir Jesus gewen, siekes bedien, duiwels uitgedryf en op internasionale uitreikings gegaan. Ons visie is dat die studente met vrymoedigheid die Waarheid moet verkondig!
As jy jou roeping wil uitleef, laat ons toe om jou op te lei.Ons is ‘n unieke skool wat dinamiese leiers oplei!
In Suid-Afrika word meeste vakke uit Impact International School of Ministry aangebied in Engelse korrespondensie kursus formaat.

INHOUDSOPGAWE

1. Beleef God se vrede
2. ‘n Verhouding met God
3. Christus se goeie nuus
4. Die Kruis van Christus
5. Vrede op aarde
6. Jesus se straf - my vrede
7. Vrygespreek!
8. Die omruiling
9. Regverdigmaking deur jou geloof
10. Geloof – tot – geloof
11. Vrede vir my as regverdige
12. Die Vredesverbond
13. God se Liefde
14. Geloof weens goeie nuus
15. Saai en Maai
16. ‘n Liefdesverhouding
17. Onderskei met jou hart
18. Dis belangrik wat in jou hart aangaan
19. God se Vaderhart
20. Predikers wat veroordeel
21. Balaam se fout
22. God se oordeel
23. Ons behoefte na vrede
24. Meer as jou gemoedstoestand

Bibliografie

Hoofstuk 1

Beleef God se vrede

Telkemale in die Ou Testament het God die mens gerusstel om nie bang te wees nie. Na Jesus se opstanding was Sy eerste woorde aan die dissipels: “Moenie bang wees nie!” ‘n Gelowige behoort nie vir God bang te wees nie, maar eerder vervul te wees met ‘n diepe besef van aanvaarding en geliefdwees deur die Skepper van die heelal.
Wanneer ‘n persoon ‘n vrees jeens God koester, beteken dit dat hy nie regtig glo dat God hom met ‘n volmaakte liefde bemin nie. Vrees beteken dat hy bang is wat God aan hom kan doen – bang om deur God verwerp te word.
1 Johannes 4:18 sê so duidelik in die Nuwe Vertaling:
“Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.”
‘n Gelowige Christen wat waarlik glo wat Jesus deur Sy kruisiging, dood en opstanding gedoen het, se lewe sal gekenmerk word deur ‘n standvastige en vredevolle selfvertroue met geen skuldgevoelens en emosies van verwerping nie.
Elke godsdiens ter wêreld wil vrede bring, maar slegs die Christendom kan iemand bevry. Dis net die Christen wat nie iets hoef **te doen** om vrede te verdien nie, maar alreeds in ‘n volmaakte verhouding met God staan, agv Jesus se voltooide werk aan die kruis. Aangesien die meeste Christene nie bewus is van hierdie heerlike realiteit nie, beleef almal nie innerlike vrede nie. Inteendeel; hoeveel Christene is gedurig in ‘n tweestyd gewikkel dat iets tussen hulle en God skort.
In my bediening met psigies versteurde mense, het ek telkemale gesien hoe emosioneel onstabiele persone bevrees is omdat hulle God nie tevrede kan stel nie. Die wêreld sê tereg: “Godsdiens sal jou mal / gek maak!” Godsdiens is die mens se eie pogings om God te behaag, terwyl Christendom beteken dat jy bloot God se vrede aanvaar wat deur Jesus Christus bewerkstellig is.

Die meeste mense in psigiatriese hospitale voel dat hulle iets gedoen het waarvoor God hulle nie kan vergewe nie en wag om deur ‘n woedende God veroordeel te word. Dikwels weet hulle nie eens wat hulle gedoen het nie, maar ervaar ‘n vrees vir ‘n onafwendbare veroordeling. Die Bybel noem dit ‘n verwagting om gestraf en veroordeel te word. In Christus is ons egter vry van veroordeling. Hoe wonderlik!
Wat so hartseer is, is dat getroue kerkgangers met dieselfde gevoel van vrees en veroordeling worstel. Vrees motiveer baie Christene. Waarom het ons ‘n verwronge beeld van God? Waarom is ons so bang vir God dat ons selfs in ‘n psigiatriese hospitale kan beland – bang en depressief? Wie het so ‘n negatiewe prentjie van God geskilder wat die wêreld ‘n weersin in hierdie God gee? Dit was nie ‘n magsugtige of demoniese groep wat God se beeld so verdraai het nie, maar mense met goeie bedoeling BINNE in die kerk.
Die eerste gemeente in Handelinge het reeds ook gesukkel om die waarheid oor Jesus se werk aan die kruis te glo en aanvaar. Hulle onvermoë om hierdie waarheid te glo, is die wortel van vrees en angstigheid en sedertdien is hierdie vrees van geslag tot geslag oorgedra.
Toe Jesaja geprofeteer het oor die kruisiging, het hy gesê*: “Wie sal hierdie goeie nuus glo?”* Dis ‘n verhaal van ‘n God wat so liefdevol, so goed, so barmhartig en vrygewig is dat die ganse mensdom dit eenvoudig nie wil glo nie.
Diegene wat hierdie goeie nuus nie wil glo nie, probeer ‘n leeftyd lank om God se guns te wen en verwerp God uiteindelik. Ek het ondervind dat die meeste mense vir God kwaad is oor hierdie leuen wat in kerke verkondig word, nl. dat God ons sal straf as ons nie ons kant bring nie.
Eugene H. Peterson sê in sy inleiding tot Galasiërs, *“Wanneer mans of vrouens te doen kry met godsdiens, gebruik hulle dit dikwels as ‘n middel om ander te manipuleer”.* Dit lyk byna asof dit die doelwit van die kerk geword het: in plaas daarvan om mense vry te maak as hulle die “goeie nuus “ hoor oor Jesus, word die Evangelie gebruik om mense te manipuleer.
Vroeg in die Christendom, was daar diegene wat die Evangelie subtiel wou verdraai. Volgelinge van Paulus het verklaar: *“Glo in Jesus! Hy is die Messias. Hy is die weg na*

verlossing. Maar, die weg na regverdigheid, is onderhouding van die Wet". Die misleiding is so subtiel. Dis duidelik dat God se bedoeling is dat ons as regverdiges moet lewe. Daarom is regverdigheid ‘n natuurlike uitvloeisel van Christenwees.
Wanneer die onderhouding van die Wet egter ‘n voorwaarde is vir my regverdigheid, dan is dit ook die voorwaarde om God se beloftes vir my kan toe-eien, asook om my gebede beantwoord te kry en staat te maak op God se beskerming. As Wetsonderhouding dan my basis is vir regverdigheid is, is my vermoë om vrede te ervaar afhanklik van my sukses waarmee ek die Wet onderhou. Dit impliseer die onmoontlike - dat ek die Wet eers ten volle moet nakom, voor ek verlos kan word.
Niemand verwerp Jesus as Verlosser nie, maar in die praktyk fokus ons op ons eie vermoëns om alles te voorsien waarvoor Jesus reeds aan die Kruis gesterf het. Intellektueel en teologies is Jesus die kern van ons geloof, maar emosioneel en funksioneel het ONS die kern van ons geloof geraak.
Romeine 8:5 – 8 sê duidelik in Die Boodskap:
“Mense wat in die greep van die sonde vasgevang is, leef in die skaduwee van die dood. Maar mense wat aan die Heilige Gees gehoorsaam is, se lewe is vol vrede. Hulle het ‘n toekoms in God se nuwe wêreld.
Mense wat in sonde leef, is vyande van God. Hulle steur hulle nie aan wat Hy in die wet sê nie. Trouens, hulle verroer nie eens ‘n vinger om dit te probeer gehoorsaam nie. Omdat die sonde oor hulle heers, kan hulle glad nie doen wat God vra nie.”
[Shannon, die Afr. Vertaling verskil hemelsbreed van The Message. Dis vir my asof die essensie in die Afrikaans totaal verlore gaan. - moet ons dalk eerder ‘n ander vertaling probeer?]
‘n Self-gesentreerde persoon het ‘n obsessie om God met sy eie vermoëns te beindruk en te behaag en is totaal onbewus van Jesus se voltooide / volledige / afgehandelde werk aan die Kruis.
Elke brief van Paulus is daarop gerig om gelowiges se aandag te vestig op Jesus se voltooide werk, omdat die

gemeentes wat hy besoek het, telkemale wou terugval op hulle eie pogings om regverdigheid en vrede met God self te verkry. Hulle wou net nie die goeie nuus oor Jesus glo nie. In Galasiërs skryf Paulus hoekom sommige die boodskap verdraai het……..om in beheer te wees! Omdat hulle nie in die krag van die Evangelie glo nie, wil hulle mense beheer om “hulle op hulle plek te hou.”
Van die mees vernietigende magte in die Kerk, is juis mense met goeie bedoelings. Die gevaarlikste persoon is iemand met ‘n passie om mense te help, maar wie nie in die krag van die Evangelie glo om verandering teweeg te bring nie. In plaas daarvan om die voltooide werk van Jesus aan die Kruis te verkondig en die Heilige Gees toe te laat om in mense se harte te werk, wend die persoon hom eerder tot vleeslike metodes om mense te manipuleer. Wanneer mense gemanipuleer word, lyk dit op die oog af of hulle verander het. Hierdie oënskynlike veranderinge dien dus as motiewe om mense te manipuleer deurdat hulle dink die mense word gehelp.
Manipulasie maak gebruik van vrees. As mens onseker is van jou verhouding met God, sal jy onbewustelik bang wees. Vrees beroof ons van selfvertroue. Vrees beperk ons. Vrees maak ons kwaad en emosioneel onstabiel. Vrees beroof ons van ons nuwe identiteit in Jesus. Dit ontneem ons ons waardigheid as priesters en konings en laat ontstaan in ons ‘n behoefte na ‘n bemiddelaar/voorspraak.
‘n Selfgekose bemiddelaar tussen my en God, is beslis nie Jesus nie. Aangesien ek die vrede wat Jesus vir my bewerkstellig het, verwerp, sal hierdie bemiddelaar ‘n mens wees wat die formule vir my sal probeer wys. Iemand wat al die reëls en voorwaardes ken sodat God met my tevrede kan bly. Ek sal gered wees, maar ware vrede sal my bly ontduik. My sonde sal vergeef wees, maar nie vergeet nie. Ek sal al die Bybelse beloftes lees, maar dit nooit prakties ervaar nie. Ek sal altyd daarna streef om te bereik wat Jesus reeds aan die kruis bereik het. Ek sal nooit besef dat ek ‘n erfgenaam is van God se Koninkryk nie.
Dit is hoegenaamd nie God se plan vir jou lewe nie. God se begeerte is dat jy Sy Liefde vir jou sal ervaar en Sy vrede en aanvaarding daagliks sal beleef. Maar dan is dit ‘n vereiste

dat jy die Goeie Nuus sal glo - dat Jesus reeds ALLES aan die Kruis vir jou bewerkstellig het. Dit is voorwaar nuus van **vrede!**

Hoofstuk 2

‘n Verhouding met God

God se doelwit is dat ons **elkeen** ‘n liefdevolle verhouding met Hom moet hê. Omdat ons egter God se droom en begeerte vir ons lewens miskyk, spandeer ons al ons tyd en energie aan ‘n verkeerde doelwit.
Jesus het nie aarde toe gekom om ‘n weermag op te rig nie, maar om ‘n liefdesverhouding te kom **herstel**. God wil vir ons ‘n Vader en Pappa wees; nie ‘n generaal nie! Hy sien ons as Sy seuns en dogters – deel van ‘n groot familie. Sy grootste begeerte is om met elkeen van ons in ‘n liefdesverhouding te staan en om dit teweeg te bring, het Hy reeds voor die skepping al ‘n plan gehad. Om hierdie plan te laat realiseer, moes Hy eers met EEN faktor afreken wat tussen ons en Hom staan, nl SONDE!
Sonde bring skeiding tussen ons en God en reeds in Genesis kan ons sien hoe sonde die mens se verhouding met God beinvloed. Genesis 3:8 is een van die hartseerste Bybelverse:
“En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin.”
Adam en Eva het ‘n volmaakte verhouding met die Here gehad, maar nadat Eva na Satan geluister het, was hulle skielik bang en het vir God weggekruip!
Sedertdien het die mensdom nog altyd van God se liefdevolle uitnodigings weggeskram.
Genesis 3:9 sê: *”Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: Waar is jy*?” Uit die oorspronklike Hebreeus blyk dit dat God se woorde hier beteken “Hy roep om vrede te maak.” God begeer vrede, terwyl Adam dink God wil hom straf. Hierdie verkeerde aanname veroorsaak dat die mensdom vandag nog bang is vir God se oordeel…..
Nie net ongelowiges ervaar ‘n vrees vir God nie, maar selfs nadat persone tot bekering kom, sukkel ons om God waarlik te vertrou en glo steeds nie ons is regtig vir God aanvaarbaar nie. Ons probeer heilig genoeg raak sodat God met ons

tevrede sal wees. Maar net soos Adam, faal ons eie pogings om aanvaarbaar te wees. Adam was altyd naak voor God, maar na die sondeval het hy hom probeer bedek met vyeblare. Skielik wou hy nie hê God moes hom kaal sien nie en het gedink die vyeblare sal hom aanvaarbaar maak. Hy het gedink sy menslike poging sal hom red uit sy verknorsing dat hy ongehoorsaam was. Maar nes Adam, mis ons die punt. As God nie ‘n verhouding met Adam begeer het nie, sou Hy hom nie in die tuin kom soek het nie.

Ons vrees vir God beinvloed ons gedrag so dramaties dat ons nie in ‘n betekenisvolle verhouding met God kan staan nie. Ons aanvaar nie dat Jesus reeds **alles** aan die kruis gedoen het om ons volkome aanvaarbaar voor God te maak nie. Hy BEGEER ‘N VERHOUDING MET ONS.

Betekenisvolle verhoudings word gebou op liefde en vertroue. Wanneer twee mense mekaar nie vertrou nie, kan daar nie sprake wees van ‘n verhouding nie. Wanneer ons egter met iemand wat ons aanvaar en liefhet tyd spandeer, begin ons mettertyd die persoon vertrou. Op dieselfde wyse het ons tyd saam met God nodig om te besef dat Hy ons liefhet en aanvaar. Sodoende sal ons algaande begin om Hom onvoorwaardelik te vertrou.

Vrees is egter ‘n wenresep om enige verhouding te laat misluk. Vrees ontlont negatiewe emosies en optredes; as ons bang is vir iemand, weet ons nie hoe die ander persoon op ons foute gaan reageer nie. Derhalwe is ons so besig om ons foute te probeer regstel of toesmeer, dat ons nooit kan ontspan en onsself wees nie. Van ‘n intieme verhouding is daar dus nie sprake nie.

Dit het alles in die Tuin van Eden gebeur. Die mens het vir God weggekruip en doen dit vandag nog, omdat ons vir God bang is. Ons glo nie dat God ons aanvaar nie. Ons wil Sy Liefde nie toelaat ons te red uit die mag van vrees nie

Nadat Adam van die verbode vrug in die tuin geëet het, was vrees die eerste emosie wat hy ervaar het. Vrees het Adam laat wegkruip. Vrees laat ons sonde doen, in plaas om God te vertrou. Vrees en ongeloof is sinonieme. Aangesien ons bang is vir God, sukkel ons om Hom te vertrou en omdat ons Hom nie glo nie, kan ons Sy beloftes nie vir ons toe-eien nie.

Waarvoor is ons bang? Ons is bang dat ons onaanvaarbaar is vir God – nie goed genoeg nie. Ons is bang dat Hy met ons sal fout vind en dat ons nie aan Sy standaarde voldoen nie. Ons is bang, want ons glo nie ons is regverdig nie.
Vrees weerhou ons dus van ‘n openlike en gemaklike verhouding met God. Ons sukkel om eerlik met God te kommunikeer en Hom te leer ken en ons emosies ry gedurig wipplank
Sommige mense beweer talle Bybelverse sê ons moet God vrees. Met elke verskyning van God aan mense was Sy eerste woorde egter: “Moenie vrees nie.”
1 Joh. 4:18 vertel: *”Daar is geen vrees in die liefde nie…”* Dit beteken dat vrees en liefde nie hand aan hand stap nie. As ek God se liefde vir my glo en aanvaar, sal ek al minder vrees ervaar. Ek sal weet God IS Liefde. Ek sal weet God wil hê ek moet Sy liefde beleef. Maar moet ek Hom dan nog steeds vrees, volgens sommige Bybelverse?
Toe Jesus versoek is, het Hy gesê:”*Gaan weg, Satan! Daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”* (Matt. 4:10) Jesus het Deut. 6:13 aangehaal*: “Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by Sy Naam moet jy sweer.”* Volgens die Hebreeus beteken ‘vrees’ hier aanbidding.
Oral in die Ou Testament word die woord ‘vrees’ in Hebreeus vertaal as eerbied, respek en liefde wat gepaard gaan met aanbidding. Ons moet dus ‘n eerbied vir God hê wat lei tot aanbidding en nie vrees nie. God wil beslis nie hê ons moet vir Hom bang wees nie.
Om vir God bang te wees, weerspreek alles wat ons van Jesus en Sy lewe hier op aarde weet. Dit weerspreek alles wat Jesus deur Sy kruisdood bewerkstellig het. Jesus het aarde toe gekom ons met God die Vader te versoen en sodat ons deel kan raak van God se Familie.
Die godsdienstige leiers in Jesus se tyd het God as ‘n wrede en kwaai God aan mense voorgestel wat jou straf as jy verkeerd optree. Hulle het die betekenis van die Wet verkeerd toegepas en God uiteindelik buite die bereik van mense geplaas.
Jesus het God aan die wêreld kom voorstel en gesê, *“As julle My sien, het julle die Vader ook gesien.”* Jesus was liefdevol,

het deernis gehad vir die sondaars en was ingestel op menseverhoudings. Dit was die teenoorgestelde van die beeld wat die Joodse leiers aan die mense voorgestel het en is vandag nog dikwels in die kerke ook die teenoorgestelde van wie God regtig is.
Jesus het God die Vader aan ons kom voorstel, sodat ons die vrymoedigheid kan hê om in ‘n liefdevolle verhouding met Hom te wees. God wil graag met ons tyd spandeer en Sy liefde op ons uitstort in ‘n intieme verhouding!

Hoofstuk 3

Christus se goeie nuus!

Die woord “evangelie” beteken ‘goeie nuus’. Alles wat Jesus vertel en verkondig het, was goeie nuus! Wanneer siek mense genees is, was dit omdat hulle die goeie nuus gehoor het. Wonderwerke het plaasgevind as mense die goeie nuus gehoor het. As mense van ‘n sondige lewe weggedraai het, is dit omdat hulle die goeie nuus gehoor het.
Tydens Jesus se lewe op aarde, het die Skrifgeleerdes ook gepreek, maar hulle het altyd slegte nuus gebring. Mense is aanhoudend belas met meer reëls en regulasies wat nagekom moes word. Derhalwe het mense God gevrees en Hom gesien as ‘n nare en wrede God wat gereed is om te straf as reëls oortree word. Omdat goeie nuus nooit gepreek is nie, is positiewe resultate nie gesien nie.
Mense wat vir God bang is, gaan beslis nie ‘n intieme verhouding met Hom aanknoop nie en gevolglik gaan hulle nie lewensvervulling ervaar nie. Jesus het vertel van ‘n man met net een talent wat daardie talent begrawe het omdat hy bang was. Vrees beperk en vernietig ons lewensideale…..
Ten spyte van die Skrifgeleerdes se goeie bedoelings, was mense nie vry om hul verhouding met God uit te leef nie, maar is geestelik oorlaai met wette en reëls wat nagekom moes word. Hulle het van God GEWEET, maar hulle het Hom nie GEKEN nie, omdat hulle onbewus was van die ware goeie nuus.
Jesus het uit dieselfde Bybel gelees as die Skrifgeleerdes, maar Hy het **goeie nuus** kom vertel. Wanneer mense die goeie nuus gehoor het, is hulle geloof versterk en hulle het begin smag na die ware God. Toe hulle gehoor het dat God eintlik ‘n **goeie** God is, het wonderwerke begin plaasvind!
In Galasiërs 1:8 staan: *“Maar al sou ons of ‘n engel uit die hemel julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ‘n vervloeking wees!”* Ons godsdienstige stelsel van vandag is gebaseer op ‘n God wat eerder “berispe” as om te “voed.” Ek, Jim Richards, was as prediker net so skuldig hieraan. Terwyl ek egter hierdie

woorde in Galasiërs gelees het, het die waarheid as't ware in my binneste ontplof. ***"As dit nie goeie nuus is nie, is dit nie die evangelie nie!"***
Ek het op 'n stadium honderde siele per jaar vir die Here gewen. Op 'n dag het God vir my gesê:"As jy die WARE evangelie verkondig, sal jy fenomenale dinge vir My Koninkryk doen." Ek het beledig gevoel. Ek was dan reeds besig om die evangelie te verkondig. Ek het begin oplet na my boodskap en ontdek dat dit meestal slegte nuus was. As mense met hulle probleme na my gekom het, was ek nie veroordelend nie, maar ek kon hulle ook nie wegstuur met 'n jubelende en opwindende boodskap nie. My woorde het mense nie vrygemaak nie. Paulus sê so duidelik in Romeine 1:16 *"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo…"* God se krag lê in Jesus se goeie nuus! Sonder die goeie nuus, kan God se krag nie manifesteer nie.
Die woord 'verlossing' is afkomstig van die Griekse woord 'sozo'. Sozo behels meer as wedergeboorte. Dit sluit ook genesing, beskerming, sekuriteit, bevryding en nog vele meer in. As ek nie die goeie nuus preek nie, kan God se krag nie verlossing (sozo) bring in stukkende mense se lewens nie. Die goeie nuus bring nie vir almal lewe nie, maar slegs vir diegene wat dit **glo.** Aan die begin van Jesus se aardse bediening, het Hy onomwonde verklaar:
"Die Gees van die Here is op my.
Daarom bring ek nou goeie nuus vir daardie mense op wie almal neersien – van nou af is hulle vir God baie spesiaal.
God het my gestuur om vir die gevangenes te sê dat hulle vonnis vir altyd verby is; om die blindes weer te laat sien, om almal wat verdruk word te kom bevry, en om aan te kondig: 'God se bonusjaar is hier, sy jaar om stukkende mense se lewe weer heel te maak.'"
(Lukas 4:18 – 19 Die Boodskap)
Die bonusjaar is dus die jubeljaar. Volgens die Wet is alle skuld elke 50 jaar gekanselleer, ongeag die omvang van die skuld. Die individu is vrygeskeld sonder dat hy/sy enigiets gedoen het om dit te verdien. Omdat die skuld vrygespreek is, is die straf of gevolge van die skuld ook vrygespreek. Elke Jood was terdeë daarvan bewus dat 'n vloek op hom sou rus,

soos beskryf in die Ou Verbond, as die Wet verbreek word. As ‘n persoon deur ‘n vloek getref is, het hy gewoonlik geweet hy verdien dit. Nou verklaar Jesus in Lukas 4:18 dat die skuld vir alle vloeke, nl. armoede, gebrokenheid en siekte gekanselleer is. M.a.w. al het ek die Wet nie nagekom het nie, is ek nou vrygespreek van alle straf of vloeke wat moontlik op my kan rus en gevrywaar van straf vir my sonde. Jesus het herhaaldelik gesê dat dit van toepassing is op vergifnis vir sonde, sowel as die vloek van die Wet. Die Fariseërs wou dit nie glo nie – die goeie nuus het hulle eerder kwaad gemaak. Tog moet ons aanvaar dat die Fariseërs lief was vir God. Al het hulle so ‘n verdraaide beeld van God se Vaderhart gehad, moes hulle ‘n behoefte gehad het na God om so ‘n streng lewenswyse te kon handhaaf.
In die Archko Volume het die Fariseërs erken dat hulle bang was mense sou in sonde verval as hulle Jesus se goeie nuus glo. Hulle het nie verstaan dat die Wet die mens se optrede beinvloed, terwyl genade en liefde jou hart beinvloed nie. Hulle was bang dat Jesus se boodskap van vergifnis mense in ‘n afvallige leefwyse sou laat verval.
Jesus se goeie nuus het mense egter verlief gemaak op God. Dit het veroorsaak dat mense nie meer bang was vir God of Hom probeer vermy het nie, maar Hom begin vertrou en intimiteit met Hom begeer het.
Waar die Wet misluk het, demonstreer die Goeie Nuus God se goedheid teenoor die mensdom. Wanneer iemand se goedheid ervaar word, lei dit tot waardering, dankbaarheid en verhouding. Ons sien dus dat die Goeie Nuus (Evangelie) God se krag laat ontvou sodat verlossing, genesing, bevryding en AL God se beloftes kan realiseer.

Hoofstuk 4
Die Kruis van Christus

"…*want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en veel bewing; en my rede en prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God."*
(1 Kor. 2: 2-5)
Hierdie woorde het vir jare by my gespook. Wat probeer Paulus regtig sê? Het hy net oor die Kruis se verlossingsboodskap gepreek? Ek moes eenvoudig uitvind. Somtyds is 'n eenvoudige boodskap moeiliker om te verstaan. Namate ek God se Woord beter begin verstaan het, het ek besef alle kennis oor God en Sy Woord, kan SLEGS in die konteks van Jesus se voltooide werk aan die Kruis verstaan kan word.
Die Kruis is dus die **grondslag** van die Nuwe Testament en die res van die Nuwe Testament verduidelik net wat by die Kruis gebeur het. Alle waarheid lê opgesluit in die Kruis en my verhouding met God, moet eintlik net om Jesus en die Kruis draai. Enige ander boodskap wat teenstrydig is met die Kruis-boodskap, is onwaar!
Hebreërs 1:1-2 verklaar *"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd tot die vaders gespreek het deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het…"*
Die Boodskap verduidelik dit so: *"Deur die jare heen het God nie stilgebly nie. Hy het gedurig met ons voorouers gepraat deur spesiale boodskappers te stuur en ook op baie ander maniere. Maar die tyd is nou ryp dat God sy mense weer naby aan Hom wil bring. Daarom het Hy met ons kom praat deur Sy Seun, aan wie God alles gegee het." (*Hebr. 1:1-2)
Vroeër het God op verskeie maniere met Sy mense gepraat, maar nou het Hy **alles** wat Hy wou sê deur die Seun kom sê. God het nie nog 'n boodskap nie.

Slegs via die Kruis kan die waarheid verstaan, interpreteer en beoordeel word; m.a.w. enige boodskap moet ooreenstem met wat by die Kruis gebeur het. Die verwarring en kontrasterende boodskappe in kerke, is dikwels omdat die Kruis nie die sentrale boodskap is nie. Aangesien die boodskap van die Kruis vir ons te goed is om te glo, neig ons terug na die Ou Testament se beginsels om God te behaag. Kom ons kyk wat het presies by die Kruis gebeur. Jesus het die prys vir sonde betaal en ons is dus nou vry van die vloek van die wet. Tog probeer ons steeds om die wet na te kom sodat ons gedrag ons teen die vloek sal beskerm.

- Jesus is aan die Kruis gekasty, sodat ons vrede kan ervaar, maar weens ons ongeloof glo ons God wil *ons* kasty.
- Aan die Kruis is Jesus verbrysel sodat ons totale genesing kan hê, maar ons glo steeds dat ons slegs genesing kan hê deur die wet na te kom.
- Aan die Kruis het Jesus sonde oorwin, maar *ons* probeer keer op keer om nie sonde te doen nie.
- Met sy opstanding het Jesus die dood se mag finaal oor ons gebreek en regverdigheid vir ons elkeen verkry, maar *ons* probeer om ons eie geregtigheid voor God te bewerkstellig met ons powere pogings.

Ons verwerp daagliks wat aan die Kruis gebeur het!
Ons aanvaar nie meer die Kruis as die kern van die Evangelie soos Paulus en die eerste gemeentes nie. Inteendeel, ons leerstellinge en uitlewing van ons geloof weerspreek die Kruis. Ons is meer bewus van ons eie pogings as wat ons ag slaan op wat Jesus aan die Kruis vir ons gedoen het! Ons eie-ek is dus belangriker as JESUS….. Die eenvoud van die Kruis is die basis vir ons geloof. As ons eerder waarde gaan heg aan die wysheid en opinies van mense, gaan ons nooit God se krag ervaar nie. Om in geloof te lewe, beteken om nie net in Jesus te glo nie, maar om te glo in wat Jesus aan die Kruis gedoen het.
Dit noodsaak ons om onsself belangrike vrae af te vra. Besef ek die volle implikasie van wat Jesus aan die kruis bewerkstellig het? Indien wel, glo ek dit dan? Is my lewe gefokus op hierdie waarheid?

Paulus sê in 1 Korinthiërs 1:17 *“Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig; nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie”*

{“*Mense mag dink dat die kruis en wat daar gebeur het, nie sin het nie.* ***Dit*** *is egter die manier waarop God besluit het om mense uit hulle sonde na Hom toe terug te bring. Ek praat van mense wat God vertrou.”* - Die Boodskap]
Ons preek maklik oor Christus, maar ons preek nie wat regtig by die kruis gebeur het nie. Daarom sien ons nie dieselfde resultate wat Paulus en die eerste gemeentes beleef het nie. Van die mooiste preke wat ek al gehoor het, was nie gebaseer op die kruis nie Dit was preke vol wyshede om alledaagse probleme die hoof te bied of het gehandel oor Jesus se karakter eienskappe waarmee ons graag wil identifiseer. Alhoewel ek al preke oor die kruisiging gehoor het, is my nooit vertel dat ek God met selfvertroue kan nader omdat Jesus reeds oorwinning oor my sonde behaal het nie. Dat ek vlekloos voor God kan staan en deel in die volheid van Sy lewe! Dat ek reeds op aarde ‘n lewe van oorwinning kan leef omdat ek glo in wat Jesus vir my aan die Kruis verkry het!
Ek begin nou eers verstaan hoekom Paulus oor niks anders kon praat en skryf as oor die Kruis en die volle impak daarvan nie.

Hoofstuk 5

Vrede op aarde

Jesus is die Vredevors. God is ‘n Vader van Vrede en een van die vrugte van die Heilige Gees, is vrede. Ons hoor dikwels ons moet God se vrede toelaat om oor ons gedagtes te heers. Tog ervaar min Christene regtig vrede. Veel eerder word ons lewens gekenmerk deur emosies van vrees, skuldgevoelens en veroordeling.
Volgens statistieke het Christene die swakste selfbeeld onder ander gelowe. Selfs Hindoes en Katolieke vaar beter. ‘n Christen het ‘n swak selfbeeld wanneer hy bang is vir God. In stede daarvan om die waarheid oor ons nuwe identiteit in Christus te glo, probeer ons om met menslike pogings vir God aanvaarbaar te wees.
Satan het vir Eva gesê*: “As jy dit doen, sal jy soos God wees.”* Adam en Eva
Was egter ALREEDS na God se beeld geskape, maar omdat hulle dit nie in hulle harte geglo het nie, het hulle Satan se leuen geglo. Dieselfde gebeur vandag nog steeds met ons. Satan vertel ons graag dat ons meer soos Jesus sal raak as ons iets spesifieks doen, maar nes Adam, glo ons ook nie dat ons alreeds soos Jesus is nie. Ons probeer iemand wees wat ons reeds is!!
As ek glo dat ek eers aanvaarbaar voor God moet WORD, ervaar ek voortdurend minderwaardigheid, verwerping en vrees in plaas van vrede.
Kolossense 3:15 vertel my:”*En laat die vrede van God, waartoe julle in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.”* Ek is veronderstel om vrede te beleef en nie toe te laat dat negatiewe emosies my gedagtes, gevoelens en optrede oorheers nie. As ek egter glo wat die meerderheid Christene glo, sal ek NOOIT vrede ervaar nie. Ek sal altyd daarna streef om **nog beter** op te tree; volgens die standaarde van die godsdienstige stelsel waaraan so baie Christene blootgestel is.
Voor Jesus die aarde sou verlaat, was Sy woorde aan die dissipels*: “Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan*

julle; nie soos die wêreld gee nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie." (John. 4:27)
Ek moet God se vrede toelaat om my teen 'n bekommerde gemoed en teen vrees te beskerm. Hoe doen ek dit? Deur myself voortdurend te herinner aan wat Jesus by die Kruis vir my gedoen het. My eie pogings kan my NOOIT verseker van permanente vrede nie. Ware vrede kan slegs verkry word deur te **glo** in wat Jesus vir my gedoen het.
Met Jesus se geboorte het engele aan skaapwagters verskyn en dit met jubelende vreugde uitbasuin: *"En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is, die Saligmaker wat Christus, die Here is. En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer van God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!"* (Luk 2: 10, 11, 13 & 14)
Die aankondiging het met soveel uitbundige en vreugdevolle glorie gepaard gegaan, omdat hierdie GOEIE NUUS nie stilgehou kon word nie!
Dis die kosbaarste aankondiging wat God nog aan die gevalle mensdom gemaak het. Vir die eerste keer na Adam se sondeval toe hy vir God
weggekruip het, kon die harmonie en vrede tussen God en die mens herstel word!
Jesus se koms na die aarde sou versoening bewerkstellig. God wou vrede tussen Hom en die mens hê, en in die Tuin van Eden was 'n volmaakte verhouding. Met die mens se sondeval, was hy egter nie net ongehoorsaam aan God nie, maar het opgehou om God te vertrou en begin staatmaak op sy eie vermoëns. Wanneer die mens se pogings misluk het, het hy God gevrees omdat hy bang was vir God se straf. Met Jesus se koms, kon die vrede herstel word. Vrees is egter so 'n inherente deel van menswees, dat sonde eers uit die weg geruim moes word. Hebreërs 2:15 verduidelik dat Jesus ons van die bose mag bevry het deur die vrees vir die dood te oorwin. "*So het Jesus mense vrygemaak van die vrees wat hulle nog altyd vir die dood gehad het."* - Die Boodskap

Ten spyte van die sondeval, wou God die mensdom nog steeds seën. Die Wet kan die mens nie regverdig maak nie, maar is deur ‘n liefdevolle Vader ingestel sodat die mens nie onder die vloek van sonde sou val nie. Al was ons dood in ons sonde, het God ons so liefgehad dat Hy vir ons net die beste wou gee.
Regverdigheid vereis dat die prys van sonde betaal moet word. Onder die Wet kon die mens vloeke vermy, maar nooit volkome vrede ervaar nie en die mens was gedurig bewus gemaak van sy sondige natuur. Die mens was bang vir God en kon Hom gevolglik nie vertrou nie. Wanneer sonde hoogty gevier het, was God inderdaad kwaad. “God is toornig oor die goddelose…..” (Psalm 7:11) God se goddelike natuur het Hom inderdaad genoodsaak om sonde te straf.
Met die koms van die Messias, het ‘n nuwe dag vir God en die mens aangebreek. Die God van die Ou Testament het nie verander nie; inteendeel, Hy het ‘n plan gemaak om die verhouding tussen Hom en die mens deur Jesus te herstel. Uiteindelik kon ‘n liefdevolle verhouding tussen God en die mens weer moontlik wees.
Na die kruisiging, kan ons vrede met God beleef. Jesus het met sonde gedeel en deur Hom is ons regverdig. God kan nooit weer met ons fout
vind nie, omdat ons skoongewas is met die bloed van die Lam. In ‘n atmosfeer van vrede en aanvaarding, kan ons God nou nader sonder om **ooit** weer bang te wees dat Hy ons sal verwerp of straf.

Hoofstuk 6

Jesus se straf - my vrede

Eers as vyandigheid uit die weg geruim is, en ons besef dat ons regverdig is voor God, kan daar sprake wees van ‘n verhouding en kan ons totale vrede ervaar.
“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.” (Rom. 5:1) Ons kan hierdie vers ook as volg interpreteer: Eers as ons **glo** ons is regverdig voor God, kan daar sprake wees van vrede tussen ons en God en sal ons nooit weer bang wees vir oordeel en straf nie.
Jesaja 53:5 verklaar*: “Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”*
Jesus het nie vir sy sonde gely nie; Hy het nooit gesondig nie. Hy het ter wille van ONS oortredinge en sonde aan die Kruis gely. Is dit net ‘n simboliese handeling? Nee. Hy het letterlik vir die mensdom gesterf, maar Hy was meer as net ‘n sonde-offer.
Vir duisende jare het die Jode jaarliks ‘n offer na die priester gebring sodat hulle vrygespreek kon word van hulle sonde. Hierdie offers was ‘n simbool wat heengewys het na Jesus wat die ware offer sou wees. Nadat die Jode hulle sonde bely het, het hulle toegekyk hoe die onskuldige dier in hulle plek sterf. Hulle het geglo dat die bloed van hierdie dier God se straf van hulle weerhou. Die bloed van die offer het nie vergifnis gebring nie, maar die offerdier was ‘n plaasvervanger vir die sondaar wat die doodstraf moes kry. Die bloed simboliseer die oordeel oor sonde. *“… en byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.”* (Heb. 9:22)
‘n Belangrike deel van die offer in die Ou Testament was dat sonde oor die offer bely moes word. Matthew Henry sê: “Hulle moes baie spesifiek wees in hulle belydenis en moes dit in geloof doen, anders het God dit nie aanvaar nie.” Dit

was alles ‘n simboliese heenwysing na Jesus wat eendag die ware offer aan die kruis sou wees.
Aan die kruis het God met die mensdom vrede gemaak deur ‘n Nuwe Verbond.. Hierdie verbond is nie gesluit met die bloed van ‘n offerdier nie, maar met die sondelose bloed van Jesus Christus. In 2 Korinthiërs 5:21 sê die Bybel: *“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.”* Jesus het letterlik sonde geword! Hy was nie net ‘n offer nie. Hy **was** sonde.
Jesaja 53:6 sê: *“…maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”* In die Ou Testament het die sondaar sy sonde oor ‘n plaasvervanger bely, maar in die Nuwe Testament het ‘n liefdevolle Vader die sonde van die ganse mensdom oor Jesus bely.
Nou kan ons verstaan hoekom Jesus ‘n mens moes word, want ‘n mens het sonde in die wêreld ingebring en slegs ‘n mens kon regverdigheid in die wêreld bring. ‘n Mens het veroorsaak dat die dood oor ons begin heers het en ‘n mens moes ons van hierdie mag bevry. ‘n Mens het gesondig, so ‘n mens moes sterf. In Jesus, kon al die sonde van die mensdom veroordeel word.
Voor Jesus gekruisig is, het Hy verklaar: “*Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld.”* Hierdie oordeel van sonde het tweeduisend jaar gelede plaasgevind. Jesus het ook gesê: *“ En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.”* (Joh. 12:31-32)
Almal sal nie vir Jesus kies nie. Maar Hy het vir almal se sonde aan die kruis betaal. Hy het sonde vir **elkeen** van ons geword, sodat Hy die straf vir elkeen se sonde kon dra.
Tot en met die kruisiging, was die mensdom God vyandiggesind. Ons sondige natuur het ons telkens laat sondig en a.g.v. skuldgevoelens het ons God dan vermy. God weer, moes sonde straf omdat dit teenstrydig is met Sy goddelike natuur. Jesus het hierdie situasie onherroeplik verander.
1 Johannes 2:2 sê van Jesus *“En Hy is ‘n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir die van die hele wêreld*.” Die woord ‘versoening’ beteken dat Jesus die woede van God ‘bevredig’ het; want God ervaar woede

teenoor sonde. *“…. .nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.”* (Rom 5:9) In Jesus is ons regverdig verklaar. Hoe het Jesus dit reggekry? Hy het God se woede verdra wat ons eintlik toegekom het.
“Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” (Rom 5:8) Jesus se dood bevestig God se liefde vir die mensdom as ons die impak van hierdie grusame prys besef wat Jesus moes betaal. Gestel jy het twee kinders, waarvan een jou altyd gehoorsaam en vreugde gee, terwyl die ander een altyd in die moeilikheid is. Op ‘n dag moet jy die huis verlaat en hulle twee moet sekere huistakies verrig. Die verantwoordelike een doen alles wat van hom verwag word, maar die onverantwoordelike een versuim nie net om sy pligte na te kom nie, maar breek ook een van jou waardevolste besittings.
Wanneer jy instap, vlam jou woede op. Nadat jy albei ondervra het, het jy ‘n probleem: jy wil nie die een straf wat dit eintlik verdien nie. Derhalwe word die verantwoordelike, onskuldige kind ingeroep en kry ‘n buitengewone harde pak slae. Nadat die straf toegepas is, is jy nie meer kwaad nie. Jy het nie die een kind bo die ander kind verkies nie, maar jy het geweet die onverantwoordelike kind, wat eintlik die straf verdien het, sou dit nie kon hanteer nie. Die skuldige een is nie gestraf nie, maar die straf is wel toegedien.
Hierdie staaltjie is gedramatiseer sodat ons die grusaamheid en onregverdigheid van wat met Jesus gebeur het, beter kan verstaan. Jesus het nie net die straf vir ons oortredinge gedra nie, maar Hy het inderdaad die oortredinge (sonde) geword! As Hy nie sonde geword het nie, sou die mensdom nooit van die mag van sonde bevry kon word nie. Jesus het **elke sonde denkbaar** geword. Hy was ‘n homoseksueel. Hy was ‘n alkoholis. Hy was ‘n dief. Hy was ‘n leuenaar. Enige sonde waaraan ons kan dink, het Jesus geword. Selfs in die Ou Testament moes die Jode hulle sonde spesifiseer. Jesus het JOU spesifieke sonde geword en JOU spesifieke straf gedra. Daarom is Hy waardig om jou Here genoem te word! Aangesien my sonde reeds gewreek is, het ek geen rede om ooit weer vir God bang te wees nie. Onthou: *“Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die*

vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie." (1 Joh. 4:18)
As ons steeds verwag dat God ons gaan straf, verwerp ons die duur prys wat Jesus vir ons betaal het.
Hebreërs 12:6 verwar ons egter *"want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem."* Die woord 'tugtig' beteken in die oorspronklike Hebreeus om te onderrig en in die regte rigting te stuur. Toe die Katolieke Kerk met die aanvang van die Donker Eeue, aan bewind was van die kerk, was daar baie verdraaiings van die waarheid. Die Donker Eeue is juis teweeg gebring deur hierdie verdraaiings. Gedurende hierdie tydperk het kerkvaders sekere gedeeltes in die Bybel verdraai sodat hulle die mense kon manipuleer.
Aartsbiskop Trench, verduidelik in sy boek Synonyms of the Greek New Testament hoe Augustinus en ander kerkvaders begrippe soos 'dissipline' en 'kastyding' uit die Hebreeus vertaal het sodat dit 'n negatiewe betekenis sou hê. Augustinus **het erken** dat die oorspronklike woorde 'n positiewe betekenis gehad het, maar wou die woorde in 'n religieuse konteks sterker stel. Hulle korrupte teologie het veroorsaak dat die huidige Bybel steeds verkeerdelik vertaal word en ons God sien as kwaai en onredelik. Daarom kyk ons daagliks die impak van wat regtig by die kruis gebeur het, mis…...

Hoofstuk 7

Vrygespreek!

Almal weet God haat sonde. Min mense verstaan egter hoe God sonde kan straf, sonder om ons te vernietig. Terwyl Jesus sonde aan die kruis geword het, het God dit vervloek en gestraf *"Hy is ter wille van ons oortredinge **deurboor**, ter wille van ons ongeregtighede is Hy **verbrysel**; die **straf** wat vir ons die vrede aanbring, **was op Hom**…"* (Jes. 53:5) Toe Jesus sonde geword het, het God alle sonde FINAAL (vir eens en vir altyd) in Jesus gestraf.
Ons is nie net losgekoop uit die hel nie, maar vrygespreek van die vloek van sonde in ons lewens. Die Jode glo aan 'n opstanding en ewige lewe, maar ons lewe van oorwinning en oorvloed kan reeds op aarde plaasvind, as ons hierdie waarheid ons eie maak en waarlik glo!
Galasiërs 3:13 verklaar *"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word…"* Aan die Kruis is God se woede op Jesus uitgestort in die vorm van die vloek van die wet. Wat 'n ontsagwekkende prys het Jesus vir my betaal! Hoe lief moet Hy my nie hê nie!
Die kerk verkondig egter 'n kwaai en onbillike God, sodat baie nooit hierdie kosbare waarheid hoor nie. MAAR: God kan nooit weer kwaai teenoor enigeen van ons optree nie, omdat Sy woede teenoor sonde reeds gewreek is.
In Psalm 22 word Jesus se lyding aan die kruis aangrypend beskryf. Jesus was meer as 'n offer vir sonde. Hy was 'n offer wat sonde geword en die onbeskryflike straf daarvoor betaal het. Vers 14 sê: *"Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt in my ingewande. My krag is verdroog soos 'n potskerf en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood."* (Ps. 22:15-16)
Hoekom het Jesus se bene uit lit geraak? Waarom het Hy meer lyding verduur as die twee misdadigers weerskante van Hom? Hoekom het Hy so gou gesterf? Volgens die Woord, het Jesus nie net a.g.v. Sy kruisiging gesterf nie

‘n Gekruisigde persoon het ‘n stadige en uitgerekte dood gesterf. Dit het dikwels dae geneem. Daarom is die bene van die twee misdadigers gebreek, sodat hulle na die Paasfees weer aan die kruis gehang kon word. Hulle gebreekte bene sou verhoed dat hulle ontsnap. Tot hulle verbasing was Jesus egter aan die einde van die eerste dag reeds dood.
Jesus het gesterf omdat God se woede so fel op Hom losgebars het in die vorm van die vloek van die wet. *“Hy was verag en deur die mense verlaat*, ‘*n man van smarte en bekend met krankheid…”* (Jes. 53:3) Die woorde “smarte” en “krankheid” beteken siekte en sieklikheid. Vers 4 sê verder: *“Nogtans het Hy **ons(my)** krankhede op Hom geneem, en **ons(my)** smarte – dit het Hy gedra…”* Mattheus 8:17 bevestig dit: *“sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en **ons siektes** gedra.”* Jesus het letterlik ons siektes en krankhede aan die kruis ervaar, omdat dit oorsake van sonde is.
Onder die wet was God verplig om die skuldige een met die vloek te tref soos dit in Deuteronomium 28 beskryf word. ‘n Groot gedeelte van die vloek was siektes, maar ook armoede, beproewinge en kwellinge. Die enigste manier waarop Jesus ons kon vrymaak van die gevolge van sonde, was om in ons plek die gevolge te dra. Anders sou die wet nie uitgekanselleer kon word nie.
Nadat Jesus dus sonde geword het, het God Jesus met die vloek getref*. “… en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”* (Jes. 53:5) Vers 5 sê ook dat Jesus vir ons sonde “verbrysel” is. Volgens vers 10 het dit God behaag om **Hom** te verbrysel met **my siektes en sonde**, sodat God **my** nooit hoef te verbrysel nie.
2 Korinthiërs 8:9 sê *“…julle ken die genade van Jesus Christus, dat Hy, hoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur Sy amoede ryk kan word.”*
Hoewel Jesus ryk was, moes Hy armoede ervaar, omdat dit deel was van die vloek van die wet. Hy is deur God verwerp sodat God my nooit sal verwerp nie. Inteendeel; omdat Jesus deur God verwerp is aan die kruis, het ek altyd die versekering van God se aanvaarding.

Jesus het elke straf gedra wat sonde ooit kan verdien. Indien God ooit enige gedeelte van die vloek op my laat neerkom, beteken dit dat Hy die kruis van Jesus verwerp.
Jesaja 54:14 sê *"Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie."*
Onthou, die duiwel verontagsaam graag wette en indien jy hom **toelaat** (deur aan Jesus se voltooide werk aan die kruis te twyfel), sal hy jou laat glo dat jy God se liefde nie verdien nie.
God het jou alreeds vrygespreek van die vloek van die wet. Jy sal slegs die duiwel se leuens en aanslae kan weerstaan as jy die waarheid glo. Dit gaan net van jou afhang! 1 Petrus 5:9 sê*: "…hom moet julle teenstaan, standvastig in die geloof…"* Die enigste manier hoe ek Satan se aanslae kan weerstaan, is deur die waarheid onvoorwaardelik te glo. Wanneer ek God vertrou dat wat Sy Woord sê, wel die waarheid is, sal ek Satan moeiteloos teëstaan. Hy kan my slegs met leuens aan die waarheid laat twyfel. As ek een van sy leuens glo, kan ek egter nie baat by God se beloftes nie…….
Ek moet vrees, siekte sowel as enige vorm van die vloek van die wet teenstaan, deur die waarheid te glo. Ek is VRYGESPREEK en geregtig op AL God se beloftes van seën en voorspoed a.g.v. Jesus se voltooide werk aan die kruis. Die duiwel se enigste wapen teen die mensdom, is onkunde en leuens. Wanneer ek onbewus is van die realiteit van die Kruis, sal ek steeds glo dat God my straf wanneer rampe my tref. God kan my egter NOOIT straf nie!

Hoofstuk 8

Die omruiling

"Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, ***terwyl ons nog vyande was****, met God versoen is deur die bloed van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is. En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het."* (Rom. 5:6, 8-11)
Die Bybel stel dit duidelik dat ons eers vyande van God was. Kolossense 1:21 verduidelik dit: *"Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandiggesind deur die bose werke en denke, het Hy nou versoen."* God was nog nooit ons vyand nie, maar ons was Hom vyandiggesind. God het nog altyd probeer om versoening tussen Hom en die mensdom te bewerkstellig.
Wanneer ons egter sondig, veroordeel ons hart ons en raak ons bang vir God. Ons besluit dan dat God ons seker haat vir ons boosheid. ONS besluit hoe God moet voel en ONS handel dan daarvolgens.
God het hierdie probleemsituasie opgelos deur versoening en vrede aan die kruis te bewerkstellig. Kolossense 1:19 – 20: *"Dit het die Vader behaag dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van Sy kruis – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."*
Toe die vloek van die wet op Jesus uitgestort is, het God ons bevry van die mag van sonde in ons lewens. Sy uiteindelike doelwit was dat ons reeds op aarde Sy lewe, liefde en aanvaarding moet beleef! Slegs dan kan ons in 'n betekenisvolle verhouding met God staan. **God wil hê dat ons reeds op aarde in die beloftes en seëninge moet stap wat Hy al telkemale in die Ou Testament vir Sy kinders beloof het.** Galasiërs 3:13 –14 bevestig hierdie stelling.

*“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word ……...sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus en dat ons **die belofte** van die Gees **deur die geloof kan ontvang**.”*
Die feit dat ons vry is van die mag van sonde, is maar een aspek van die kruis. Die woord ‘versoening’ het verskeie betekenisse en beteken o.a. omruiling. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy ons plek ingeneem. Hy het die straf vir ons sonde ontvang, wat ons eintlik toekom en ons het ontvang wat Sy sondelose lewe verdien het.
Jesus sê in Johannes 10:10 *“Ek het gekom sodat julle lewe en oorvloed kan hê.”* Jesus het ons nie net kom vrymaak van sonde nie, maar ons in ‘n posisie kom plaas waar ons geregtig is om God se beloftes en seëninge te ontvang.
Reeds sedert die skepping was God se bedoeling dat sy kinders net die beste moet hê. In die Tuin van Eden was geen siektes, swaarkry of nood nie. Deur die sondeval het die MENS egter hierdie paradys verruil vir ‘n bose wêreld en a.g.v. sonde het vernietiging, pyn, siektes, swaarkry en armoede begin hoogty vier. Dit was nie God se begeerte vir ons OF Sy oordeel oor ons nie. Dis bloot die beginsel van wat jy saai, sal jy maai.
Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe God Sy seëninge op mense uitstort. Mans en vrouens wat in God geglo het en aan Hom gehoorsaam was, is oorlaai met Sy goedheid. Baie van die aartvaders in die Ou Testament was welgesteld. Volgens ons huidige standaarde sou hulle as multi-miljoenêrs gereken word.
Selfs onder die wet, was God se begeerte om Sy kinders te seën en hulle in Sy oorvloed te laat leef. As die wet nagekom is, kon jy deel hê aan God se beloftes van voorspoed, sukses, welvaart en gesondheid. Maar as die wet nie nagekom is nie, is jy vervloek.
Ongelukkig het die mens se sondige natuur hom verhoed om die wet na te kom (Rom. 8:3) en was die mens selde in ‘n posisie om geseën te word. Die Ou Testament / Verbond is gebaseer op jou werke en pogings, terwyl die Nuwe Testament / Nuwe Verbond gebaseer is op die optrede van een man, nl. Jesus Christus.

Jesus is vlekkeloos en het op aarde ‘n sondelose lewe geleef. Hy moes aan die kruis sonde word, die straf vir sonde dra en sonde se mag uiteindelik oorwin deur Sy opstanding. Die hele Nuwe Testament is gebaseer op Jesus se voltooide werk aan die kruis en in geloof het ons deel aan Sy voltooide werk. (Gal. 3:13-14)
“…ons roem in God deur Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het” (Rom 5:11) In Jesus is daar vir ons elkeen versoening en dit is reeds vir VANDAG geldig. Die impak van Jesus se versoening gaan nie in werking tree met die Wederkoms nie, maar het reeds in werking gekom toe Jesus aan God se regterhand gaan sit het.(Onmiddellik na die opstanding) Ons kan in hierdie oorvloedige lewe deel die oomblik as ons dit begin GLO.
In die Ou Testament het ‘versoening’ beteken dat die offers se bloed jou sonde ‘bedek’. Jesus het egter nie ons sonde bedek nie, maar ‘n omruiling het plaasgevind waardeur my sonde vir ALTYD uit die weg geruim is en God het tydens hierdie omruiling vir my Sy geregtigheid gegee. My sonde is nie bedek nie – my sonde bestaan nie meer in God se oë nie! As God na my kyk, sien HY dat ek IN JESUS geregtig is.
Toe Jesus uit die dood opgewek is, het Hy die mag van sonde en die dood FINAAL oorwin. Hy het nie sonde in die algemeen oorwin nie, maar elke spesifieke sonde wat ooit kan bestaan. Met Sy opstanding is Hy opgewek met GOD se LEWE in Hom. In Jesus, kan ons elkeen dieselfde LEWE ontvang!
M.a.w. as ek aanvaar en glo dat Jesus in My plek vir sonde gesterf het, is ek deelagtig aan hierdie lewe en dieselfde erfenis wat Hy met Sy opstanding verkry het, is ook myne.
Die Griekse woord vir hierdie lewe, is “zoë”. Tydens die omruiling aan die kruis, het ek Jesus se regverdigheid verkry en hierdie regverdigheid kwalifiseer my vir AL God se beloftes. Kolossense 1:12 sê: *“Sê vir God dankie. Hy het alles gedoen wat nodig is sodat julle die reg het om vir altyd te wees wat Hy, die groot Koning, heers. Daar waar God se wonderlike lig sonder ophou skyn, sal julle saam met al sy ander kinders bly! Ons was eers in die donker mag van God se vyande vasgevang. God het ons egter uit hulle mag geruk.*

Nou staan ons *onder die mag van Sy Seun! Die Seun wat Hy liefhet."* (Die Boodskap)
God het ons dus gekwalifiseer om deel te hê aan Sy erfenis. Hoe? In Jesus.
Ek kan dus **niks** van God ontvang op grond van my eie pogings nie. Maar ek is geregtig op ELKE belofte van God as ek in Jesus se voltooide werk aan die kruis glo. "…*sodat geen vlees voor Hom kan roem nie."* (1 Kor. 1:29)
My vertroue is dus nie meer in my eie pogings nie, maar in wat Jesus vir my gedoen het. In geloof kwalifiseer ek nou vir op AL God se beloftes. *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Jesus is hulle ja en Amen, tot heerlikheid van God deur ons"* (2 Kor. 1:20)
Hoe kan ek dan anders as om Jesus aanhoudend te loof en prys vir hierdie wonderlike waarheid en geskenk! Waarom sal ek verder wil sondig? Ek is dan nou vry van sonde en regverdig in Jesus!!
Uit die aard van ons menslike natuur, wil ons egter graag self iets doen om God te behaag. Laat ons dan ag slaan op hierdie waarskuwing*: "Dit help nie om God te probeer beïndruk met al die goeie dade wat jy doen nie. Nee, daar is net EEN manier om by God uit te kom; dit is om in Hom te glo."* (Rom. 4:4 - Die Boodskap) Die Amplified Bybel sê wanneer ons God probeer beïndruk met ons eie goeie dade, dan kwalifiseer ons nie meer vir God se beloftes nie, omdat ons eerder op onsself staatmaak as op Jesus……. Iets om oor na te dink, nè.
As ekself probeer, beteken dit indirek dat ek God probeer omkoop om iets vir my te doen. Geloof is egter wanneer ek vas glo en vertrou op Jesus reeds vir my aan die kruis gedoen het**. Eie werke** beklemtoon dus wat ek kan doen, terwyl **geloof** die fokus plaas op wat Jesus vir my gedoen het. Met eie werke probeer ek my eie regverdigheid voor God bewerkstellig, (wat totaal onmoontlik is), maar as ek glo, kyk ek na Jesus vir my regverdigheid.
Opsommenderwys: Jesus het ontvang wat ek eintlik moes kry en ek ontvang wat Jesus toegekom het. Jesus het my sonde geword en ek het Sy regverdigheid geword. Jesus het die straf verdra wat my sonde verdien het, sodat ek kan deel hê aan al God se beloftes van seën, voorspoed, gesondheid

en vrede. Omdat Jesus verwerp is aan die kruis, word ek deur God aanvaar. Omdat Jesus vir my sonde gekasty is, kan ek vrede ervaar!

Hoofstuk 9

Regverdigmaking deur jou geloof

Aangesien die heidene nie die Wet van die Jode geken of nagekom het nie, het God vir hulle ‘n man gestuur wat sy hele lewe die Wet **probeer** nakom het, maar besef het dit baat hom niks. Slegs God se Genade kon ‘n verskil maak. God wou nie hê dat die heidene die Wet met Sy Genade moes verwar nie.
Paulus het maar te goed geweet dat jou eie pogings jou niks in die sak bring nie. As apostel wat na die heidene gestuur is, het hy dit herhaaldelik beklemtoon dat ons slegs IN Christus ‘n identiteit het. Al waarop ons ooit kan roem, is wat Christus reeds vir ons gedoen het. Paulus het besef God se krag lê in ons geloof dat ons in Christus regverdig is; ‘n boodskap wat baie mense nog verwar.
Regverdigheid in die geloof is ‘n openbaring wat noodsaaklik is vir elke Christen wat in oorwinning wil lewe. As ons God nie met vrymoedigheid kan nader nie, gaan ons huiwer om Sy beloftes vir ons toe te eien. Ons het God se beloftes nodig om in ‘n korrupte wêreldsisteem in oorwinning te leef. (2 Pet. 1:4)
Paulus het uit ondervinding geleer dat jou eie pogings nie vryheid bring nie, maar dat jy in ‘n gevangenskap verstrik raak omdat jou pogings nooit goed genoeg is nie. Die enigste manier waarop Jesus geken kan word, is om in geloof te aanvaar jy is regverdig. Dis ook die enigste manier waarop jy die impak van Sy opstanding leer ken. (Fil. 3:10)
Paulus het uiteindelik al sy kwalifikasies en goeie werke verwerp, *“…om in Hom gevind te word, nie met my eie geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met die wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof.”* (Fil. 3:9) Wanneer ek bely dat ek slegs in Christus regverdig is, plaas ek die fokus op Christus – alles wat ek het en ooit sal kan doen, is slegs deur Sy toedoen. Ek verklaar die nuttelosheid van my eie pogings en dat ek totaal afhanklik is van Christus se regverdigheid in elke area van my lewe.

Regverdigheid in die geloof is die kern van die kruisboodskap, want ‘n omruiling het aan die kruis plaasgevind*. “Want God het Jesus wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.”* (2 Kor. 5:21) Slegs hierdie boodskap kan ons bevry van ons eie werke…….. As ons hierdie boodskap nie glo nie, sal ons altyd op ons eie pogings staatmaak. Volgens Romeine 8:3 kan geen mens op grond van sy eie pogings regverdig verklaar word nie. Regverdigheid deur jou eie werke eis ‘n wettiese lewe wat God se genade verwerp en die fokus plaas op die mens se eie pogings. Die Bybel maak dikwels melding van die wet en werke en dit dui nie altyd op die Wet van die Ou Verbond nie. Dit kan na enige area verwys wanneer ons met eie pogings probeer om God oor te haal om iets vir ons te doen. Romeine 14:23 maak dit duidelik dat dit sonde is, omdat ons Jesus se werk aan die kruis dan verwerp!

Wanneer die Bybel van “vlees” praat, is dit nie ons liggaam nie, maar ons **pogings** om deur ons eie vermoëns regverdig verklaar te word. Ons groei op met die illusie dat sukses bepaal word deur ons optredes. Mense wat na God uitreik deur staat te maak op hulle eie pogings, opereer in die vlees. Romeine 7:5 verklaar*: “Want toe ons in die vlees was,het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.”* Voordat ons nie ophou om wetties te lewe en nie meer staatmaak op ons eie pogings nie, kan sonde nie in ons lewens oorwin word nie.

Tydens die omruiling aan die kruis, het ons deur Christus gesterf sodat die wet nie meer ‘n impak op ons het nie. (Rom. 7:4) Noudat ons dus vry is van die wet, hoef ons nie meer na die beste van ons vermoëns op te tree en te hoop God vind ons aanvaarbaar nie. NEE, nou weet ons ons is regverdig deur Jesus se toedoen en vertrou ons die Heilige Gees om ons daagliks toe te rus om dit uit te leef.

Romeine 6:14 sê ons is net vry van sonde wanneer ons nie meer onder die wet leef nie, maar onder God se genade. Genade is God se vermoë in my. Die wet en eie werke ‘frustreer’ God se genade (Gal. 2:21) ‘Frustreer’ beteken om iets nietig te verklaar of te verwerp. As ons terugval op ons eie pogings, neutraliseer ons dus God se krag om ons vry te

maak van sonde. Daarom sal sonde altyd hoogty vier in ‘n persoon wat staatmaak op sy eie pogings. *“En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar TOE DIE GEBOD KOM , HET DIE SONDE WEER OPGELEWE EN EK HET GESTERWE.” (*Rom. 7:9)
In Galasiërs 5:4 verwys Paulus na “van die genade verval.” Dit beteken dat jy God se realm verlaat as jy staatmaak op jou eie vermoëns. Christus beteken niks in iemand se lewe wat bly vasklou aan sy eie werke nie. Ons MOET ons regverdigheid In Christus aanvaar. Dit is egter teenstrydig met ons menslike natuur. Ons staar ons blind teen ons eie tekortkominge en wonder hoe ons ooit regverdig verklaar kan word……Tog sal ons nooit vry raak van sonde voor ons God se regverdigheid aanvaar nie.
Om ons regverdigheid te ontvang, moet ons dit eers glo voor dit ‘n realiteit raak. ‘n Persoon wat glo hy is ‘n sondaar, sondig al meer. ‘n Persoon wat glo hy is regverdig in Christus, tree al meer regverdig op.
Volgens Romeine 5:12 het sonde deur een man in die wêreld gekom en as Adam se nageslag, word almal met ‘n sondige natuur gebore. Al is ek ‘n goeie mens, bly ek ‘n sondaar. My goeie dade maak my nie regverdig nie. Ten spyte van my pogings, neig ek altyd terug na sonde – EK HET ‘N SONDIGE NATUUR. Adam se sonde het tot gevolg gehad dat alle mense moes sterf. Ons het niks gedoen om dit te verdien nie; ons is daarmee gebore. Op dieselfde wyse het ons in Jesus die geskenk van regverdigheid ontvang. (Rom 5:17) ‘n Natuurlike geboorte het ons ‘n sondige natuur gewaarborg, maar ‘n geestelike wedergeboorte waarborg ons ‘n regverdige natuur. In die oorspronklike vertaling beteken die woord ‘lewe’ “zoë” Volgens die Biblio-Theological Lexicon of New Testament Greek beteken ‘zoë’ die kwaliteit lewe van die een wat dit gee. Alles wat God het en is, is tot ons beskikking en kan ons deel in Sy kwaliteitlewe!
Romeine 5:10 verduidelik dit: *“…veel meer sal ons deur Sy lewe (zoë) gered word nou dat ons versoen is.”* Die woord ‘gered’ beteken meer as om net wedergebore te wees. Dit sluit ook genesing, beskerming,voorsiening en volkomenheid in. As ons deur Hom gered word, ontvang ons dus Sy lewe(zoë) omdat ons Sy regverdigheid ontvang. Dit word in

GELOOF ontvang omdat ‘n versoening (omruiling) aan die kruis plaasgevind het!
Ons is regverdig omdat ons uit God gebore is. Om regverdig te wees, beteken nie dat ons nooit weer gaan sondig nie, maar dat ons nou ‘n regverdige natuur het. Al maak ons foute, is ons nie meer sondaars nie. Die psalmdigter sê in *Ps. 37:24: “As hy val, dan stort hy nie neer nie; want die Here ondersteun sy hand*.” Spreuke 24:16 sê: *“Want sewe maal val die regverdige en staan weer op, maar die goddelose struikel in die ongeluk.”*
Toe ek ‘n sondige natuur gehad het, het my goeie werke dit nie verander nie. Noudat ek ‘n regverdige natuur het, gaan my foute en sonde dit ook nie verander nie. Ek is in regverdigheid ‘gebore’ (wedergeboorte) en my optrede kan dit nooit verander nie. Dit gee my egter nie die reg om sonde te doen nie. ‘n Regverdige hart haat sonde en wil God behaag. ‘n Regverdige hart bemin regverdigheid en die hart word slegs deur geloof regverdig. (Rom 5:1, 10:10)
Om regverdigheid in die geloof te verwerp, beteken om Jesus se voltooide werk aan die kruis te verwerp en om ook die waarheid te verwerp!

Hoofstuk 10

Geloof – tot – geloof

Die hedendaagse Christendom beleef gereeld terugslae weens verkeerde opvattings rakende die kruis en derhalwe ‘n geloof wat nie in die volle waarheid geanker is nie.
Paulus sê in Romeine 1:16: *“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.”* Wanneer mense die evangelie hoor, kan God se krag letterlik geaktiveer word. Redding behels nie net wedergeboorte nie, maar ook dat ons kan aanspraak maak op al God se beloftes. Wanneer God se beloftes nie realiseer in my lewe nie, glo ek dalk nie die waarheid nie….
Paulus sê nie in Romeine 1:16 dat hy hom vir Jesus geskaam het nie. Die Jode het Jesus nie as ‘n bedreiging gesien nie, maar het kapsie gemaak dat Jesus jou regverdig kan maak. Die Judeërs wat so baie van Paulus se vervolging veroorsaak het, het verklaar dat Jesus jou NIE regverdig kan maak nie.
Die goeie nuus van Jesus is dat regverdigheid ‘n geskenk is! In Romeine 1:17 gaan Paulus verder: “Want die geregtigheid van God word geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.” Die meeste Christene glo dat Jesus jou red, maar dat jou eie werke jou regverdigheid bepaal. Ons glo nie regtig dat ons regverdigheid met geloof **begin en eindig** nie…….
Die oomblik as ons regverdigheid in geloof verwerp, verwerp ons die evangelie. Dit moet die basis vorm van ons menswees, wie ons is, waarop ons hoop en wat ons daagliks van God ontvang.
Die Galasiërs het met dieselfde probleem geworstel. Paulus het hulle van Jesus vertel en baie is wedergebore. Met Paulus se vertrek, het die Judeërs die Galasiërs kom verwar: *“Glo in Jesus vir julle redding, maar julle moet die wet onderhou om regverdig verklaar te word en deel te hê aan God se beloftes. Anders sal God julle vervloek.”*

Verstaan jy Paulus se reaksie*? "Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?"* (Gal. 3:3) Hierdie werk in julle kon net deur die Heilige Gees begin word. Daarom kan dit ook net deur die Heilige Gees voltooi word.
In hoofstuk 3 vers twee en vyf vra Paulus*: "Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?"* Toe jy die eerste keer die Heilige Gees ontvang het, was dit omdat jy geglo het wat jy hoor of omdat jy die wet nagekom het? As wonderwerke rondom jou plaasvind, is dit omdat mense die waarheid glo of omdat hulle die wet nakom?
Niks verander nadat ons gered is nie. Ons verhouding met God en ons vermoë om daagliks met God te kommunikeer, is die resultaat van 'n geskenk wat ons ontvang het. Paulus versoek die gemeente van Kolosse om op dieselfde wyse in Christus aan te gaan as wat hulle begin het – in geloof. Feitlik elke boek in die Nuwe Testament is geskryf omdat die gemeentes regverdigheid verkeerd verstaan het. Hulle het in Jesus se genade geglo, maar geglo dat hulle regverdigheid self verkry moet word.
Die hele kwessie rondom regverdigheid is die struikelblok van die evangelie. Mense het nie 'n probleem met Jesus nie; maar wel met die feit dat jy deur Hom regverdigheid kan verkry. In Romeine 9:30 – 31 verduidelik Paulus die dilemma: *"Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie."* Israel wou regverdigheid verkry, maar kon dit nie vind nie, terwyl die heidene dit nie regtig nagejaag het nie, maar wel gevind het. Vers 32 verduidelik verder: *"Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot."* Die heidene was gewillig om regverdigheid onvoorwaardelik te aanvaar, terwyl die Jode verkies het om hul regverdigheid self te verwerf.

Die laaste gedeelte van vers 32 is baie belangrik, *"…want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot."* Jesus Christus is nie die struikelblok nie, maar Jesus as ons regverdigheid, is die struikelblok. Diegene wat weier om dit te glo, struikel dus vanweë hulle ongeloof.
Romeine 9:33 verklaar*: "Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."* Wanneer 'n persoon in Jesus glo as sy regverdigheid, sal hy nie struikel, beskaamd staan of oorbluf wees nie.
Jesus, as ons regverdigheid, is die hoeksteen van die Christendom en die Jode het hierdie hoeksteen verwerp. As ons probeer om ons huis op 'n ander fondasie te bou, sal die hele gebou meegee. Paulus waarsku in 1 Kor. 3:10 – 11 *"Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus."*
Al God se beloftes is waar, mits dit op die regte fondasie gebou is! Die meeste Christene probeer om wolkekrabbers te bou op modderpoele en as dit inmekaartuimel, wil ons weet hoekom……God se beloftes is vir ons ELKEEN beskore omdat ons regverdigheid in Christus ons daarvoor kwalifiseer. Maak net seker jou gebou is op die regte fondament gelê!

Hoofstuk 11

Vrede vir my as regverdige

Nadat die Wet (Tien Gebooie) aan die Jode gegee is, moes hulle God se seën verdien. As hulle regverdig opgetree het, het God hulle geseën, maar as hulle onregverdig opgetree het, is hulle gestraf met vloeke. Hou in gedagte dat God die standaard van regverdigheid neergelê het en God se wette is onomkeerbaar. Selfs Hy kan dit nie verander nie. God is die enigste Een wat tussen goed en kwaad kan onderskei en enige menslike poging om dit te probeer doen, is humanisme. Dit is presies wat Adam in die Tuin van Eden gedoen het. Vandat Adam van die verbode vrug van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad geëet het, kon die mens volgens sy eie standaarde onderskei tussen goed en kwaad. Alhoewel slegs God tussen goed en kwaad kan onderskei, wou die mens hê dat God volgens **sy** standaarde moes optree. Dit was natuurlik die doelwit van Satan se versoeking, want *"…julle oë sal oopgaan*, *sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."* (Gen. 3:5) Dit was die begin van humanisme, wat die grondslag is van valse godsdiens.
Ons beskou 'n ketter as iemand wat verskil van ons opinies. Die woord "kettery" se oorspronklike betekenis is "om te kies." 'n Ketter beskou God se Woord dus nie as die finale outoriteit nie, maar kies om self te glo wat die waarheid is. Na elkeen se wedergeboorte, raak God se Woord die enigste outoriteit wanneer ons die regte keuses wil maak. Deur die eeue het ons egter gekies om dikwels verkeerde perspektiewe aangaande God en die Kruis te glo.
In die kerkgeskiedenis is dikwels keuses gemaak wat nie ongerieflik sou wees nie. Die doop wat gepaard gegaan het met onderdompeling, was byvoorbeeld vir eeue die standaardgebruik. Die kerk het dit egter na 'n besprinkeling verander toe dit sosiaal meer aanvaarbaar en geriefliker geword het.
Baie kerkgangers beskou God as kwaai, want sodoende kon hulle makliker gemanipuleer word. Jesus was egter nooit

kwaai of foutvinderig nie. Hy het gesê: *“As julle My sien, het julle die Vader gesien.”*
Die Christendom is nie ‘n godsdiens waar gerieflike keuses gemaak kan word sodat dit by ONS lewenswyse kan aanpas nie. Ons kom na God as stukkende mense met verwoeste lewens weens verkeerde besluite. As dit waarin ons glo nie verander nie, sal ons lewens ook nie verander nie. As ons ons eie opinie belangriker ag as God s’n, sal ons voortsukkel. God kan net ‘n verskil maak as ons kies om die waarheid aangaande Hom te glo.
‘n Christen beleef die meeste frustrasie wanneer hy weier om God se standaarde van regverdigheid te aanvaar en vasklou aan sy eie pogings . Vir ons menslike natuur maak dit egter meer sin om darem jou kant ook te bring. Ons interpreteer regverdigheid deur werke as volg: As ek goeie dinge doen, is ek aanvaarbaar vir God en ontvang Sy seëninge. As ek verkeerd optree, is ek vir God onaanvaarbaar en sal ek gestraf word.
Ons sien dit egter nog soos dit onder die Wet was. Die vroeë Katolieke Kerk se leerstellinge het hiermee ooreengekom en ons begrip van God is in ‘n groot mate hierdeur beïnvloed. Om regverdigheid deur jou eie werke te probeer bewerkstellig, bring net vrees vir verwerping mee. ‘n Persoon weet nooit of hy goed genoeg is nie en kan daarom nie God se vergifnis aanvaar nie. Die enigste manier om uit hierdie kringloop te ontsnap, is om in God se liefde vir my te glo - dan sal ek dit ook begin beleef. (1 Joh. 4:18)
In Romeine 1:16 sê Paulus: *“Want ek skaam my nie vir die evangelie (GOEIE NUUS) van Christus nie, want dit (die goeie nuus) is ‘n krag van God tot redding (wedergeboorte, genesing, beskerming, bevryding, voorsiening ens.) vir elkeen wat glo…”* As ons nie hierdie goeie nuus wil glo nie, ontneem ons onsself van God se krag en kan ons nie deel hê aan hierdie redding nie. Ons kan net die aspekte van hierdie redding beleef waarin ons glo.
Paulus sê verder in vers 17: *“Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof…”*
Regverdigheid deur jou geloof is die goeie nuus en is die alfa en omega van die Christelike lewe. Dit handel nie oor geloof en dan goeie werke nie; maar is geloof tot geloof. Dis

waarom die eerste gemeentes ‘gelowiges’ genoem is. Alles wat hulle van God beleef het, was die resultaat van wat hulle geglo het en nie van wat hulle gedoen het nie. Die Ou Verbond het oor jou werke gegaan, maar die Nuwe Verbond is ‘n beter verbond met heerlike beloftes om in te deel.
God het ‘n Nuwe Verbond met ons gesluit en ons is vry van die Ou Verbond. Ons hoef nooit weer regverdigheid deur eie pogings te verkry om vir Jesus se zoë lewe te kwalifiseer nie. Tog bly ons vasklou aan die Ou Verbond omdat ons regverdigheid deur ons geloof nie verstaan of glo nie. Ongelukkig moet ons dan die gevolge van hierdie keuse dra deur onsself van God se krag te ontneem. (Mark.7:13)
Soos reeds gesê, maak regverdigheid deur eie werke vir die menslike verstand meer sin. Romeine 8:5 verklaar: *“Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge; maar die wat geestelik is, bedink geestelike dinge.”* Die vleeslike persoon ag homself belangriker as God en is onbewus dat regverdigheid ‘n werking is van die Gees van regverdigheid. Romeine 8:8 gaan verder: *“En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie.”* Hoekom? Hebreërs 11:6 verduidelik dit*: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.”* Galasiërs 2:16 stel dit as volg: *“…terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.”*
God het die grondslag vir regverdigheid bepaal en wie is ons om dit uit ‘n menslike oogpunt te probeer verander.
Die grootste faktor hoekom ons regverdigheid deur ons geloof nie wil glo nie, is omdat ons dit nie VERSTAAN nie. Ons wil eers verstaan en dan glo. Die Bybel sê egter dat ons eers moet glo om te verstaan. *“Deur die geloof verstaan ons…”* (Heb. 11:3) As ons kies om in God se beginsels te glo, sal ons toegerus word met bonatuurlike begrip.
Hoekom is dit so belangrik dat ons God se regverdigheid in geloof as ‘n geskenk moet aanvaar? Romeine 5:1 sê: *“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.”*

Hoekom moet ons hierdie stelling verstaan? Van God se kant was daar nog altyd vrede tussen Hom en my, maar omdat ek bang is vir God se reaksie op my foute, ervaar ek nie vrede teenoor God nie. Om goeie werke te probeer doen, sal sonde altyd laat floreer. As ek onder die wet bly lewe, sal ek dus my sonde wil wegsteek, maar in ‘n atmosfeer van liefde en vergifnis, is dit maklik om met sonde te deel. Totdat ons ons sonde openlik kan bely, kan ons nie vry raak van sonde se mag in ons lewens nie. As ek ervaar dat God my gaan oordeel en straf, beleef ek God negatief en lei dit tot selfregverdiging en bedrog. Ek probeer myself verdedig. As ek egter besef dat God al Sy oordeel en straf reeds op Jesus uitgestort het, sal ek nooit weer bang wees dat Hy my sal straf nie.

Baie predikante is bang om oor hierdie onderwerp te preek, uit vrees dat dit tot ‘n losse leefstyl sal lei. Hulle is bang mense maak misbruik van God se goedheid. Wanneer mense egter van God se goedheid hoor en hoe Hy begeer om ons te seën, draai hulle weg van sonde omdat die wêreld in vergelyking hiermee NIKS kan offer nie.

Die meeste mense sien Christenwees as ‘n armoedige, sukkelende bestaan en glo die wêreld kan hulle iets beter bied. Hierdie stelling word egter weerspreek as ek kyk na Abraham, Dawid en ander Bybelfigure wat in oorvloed gelewe het.

Die Bybel praat van swaarkry, maar nie a.g.v. ongeloof of onkunde nie. Hebreërs 2:18 sê Jesus het swaargekry toe Hy versoek is om Sy identiteit te verraai. (Matt. 4) Om ons kruis op te neem, beteken dat ons bereid sal wees om ons opinies en voorkeure ondergeskik aan Jesus te stel.

‘n Boodskap van oordeel, swaarkry en beproewinge gee die wêreld ‘n renons in die Evangelie. Dit is egter nie die evangelie (goeie nuus) nie! Die wêreld sal gewen word deur God se goeie nuus dat Hy nie vir jou kwaad is nie; dat Hy jou liefhet met ‘n allesoorheersende liefde; dat regverdigheid ‘n geskenk is; dat die straf vir my sonde reeds betaal is en dat Jesus in al ons behoeftes wil voorsien! ‘n Boodskap van oordeel laat mense steeds sondig en maak van hulle skynheilige leuenaars. ‘n Persoon wat wil sondig, sal dit doen; maar vir ander wegsteek. Of hy sal sy sonde probeer

regverdig. Voordat ‘n persoon kan ophou sondig, moet hy eers besef dat hy nooit meer geoordeel kan word nie. Jesus is dan klaar geoordeel……..
God sê in Jesaja 1:18*: “Kom nou en laat ons die saak uitmaak: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.”* Hier kry ons te doen met ‘n liefdevolle Vader wat begeer dat ons ons sondes moet bely en ons wil blootstel aan Sy genade en waarheid. As ons so oorweldig word deur God se goedheid, kan ons nie anders as om berou te toon nie. (Rom. 2:4)
As ek nie oortuig is dat ek regverdig is in Jesus nie, sal ek nooit ware vrede ervaar nie. Baie mense raak so moedeloos met hulle tekortkominge, dat hulle wegdraai van God en aanhou sondig. ‘n Man het eendag teenoor my bely: ‘Ek kan nie met my lewe aangaan as ek nie weet of God my regtig vergewe het nie.’ Omdat hy nie besef het hy is reeds deur Jesus regverdig verklaar nie, kon hy nie vrede ervaar en in ‘n betekenisvolle verhouding met Jesus leef nie.
Baie mense is bitter en glo dat hulle seëninge **verdien** met al hulle goeie dade. Aangesien hulle nie vrede ervaar of die beloning kry wat hulle glo hulle toekom nie, raak hulle bitter en kwaad teenoor God.
Ons vrede met God kan nie gebaseer wees op grond van ons werke nie. Ons vrede kan slegs geanker wees in die sekerheid van wat Jesus reeds aan die kruis vir ons elkeen bewerkstellig het.
As Jesus my regverdigheid is, is Hy die middelpunt van my lewe. Ek kan op <u>elke belofte</u> staatmaak, as ek vas glo in wat Hy vir my gedoen het. “A.g.v. Jesus, kwalifiseer ek!” As ek moeilikheid beleef, kan ek aan Jesus vashou en sê “A.g.v. Jesus, weet ek dis nie van God nie.” Wanneer vrees aan my knaag, kan ek na Jesus kyk en sê “A.g.v Jesus hoef ek nie bang te wees nie. JESUS is my vrede!”

Hoofstuk 12

Die Vredesverbond

Jesaja 53 beskryf die omruiling aan die kruis en Jesus se onbeskryflike lyding. Hoofstuk 54 verduidelik die Nuwe Verbond wat in werking tree as gevolg van hierdie omruiling. Jesaja 54: 7-8 *"Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die Here, jou Verlosser."* Voor ons in 'n verhouding met God kan staan, moes sonde eers gestraf word. Regverdigheid eis oordeel oor sonde. In Sy allesoorheersende liefde vir die mensdom, het God die sonde in Jesus gestraf en kan Sy toorn nooit weer oor sonde ontvlam nie. Dis vir ALTYD gestraf.

Ons vrees vir straf en oordeel, laat ons ons optrede verander, maar ons harte sal slegs verander deur liefde. Romeine 2:4 sê *"…die goedheid en goedertierenheid van God wil jou tot bekering / berou lei."* Die woord 'berou' dui nie net op belydenis nie, maar die berou wat God vereis, is 'n gesindheidsverandering. Judas het nie van plan verander oor sy sonde nie; maar was jammer oor die resultate. 'n Boodskap van oordeel maak ons bang vir die gevolge, maar verander nie ons harte nie. As ons in 'n liefdevolle verhouding met 'n liefdevolle God staan, sal hierdie liefde ons gesindheid en optrede laat verander! Ons sal nie meer 'n behoefte hê om te sondig nie.

Ek geniet my hemelse Vader en Sy goedheid is te kosbaar om te bederf met sonde. Dit beteken nie dat ek nooit weer sal sondig nie, maar dis nie meer my begeerte nie. Dit raak dan die motivering vir 'n totale gesindheidsverandering.

Jesaja 54:9 sê *"Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie."* In Sy verbond met Noag, het God 'n eed afgelê dat Hy nooit weer die aarde met

‘n vloed sal oordeel nie en die ooreenkoms is verseël met ‘n reënboog as teken.
God sê dus dat Sy nuwe Verbond met die mensdom net so seker is as Sy verbond met Noag. Hier belowe God dat Hy NOOIT weer toornig met ons sal raak nie! Dit is ‘n verbond van vrede. *“Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die Here, jou Ontfermer.”*
God se Verbond met Noag is verseël met ‘n reënboog en Sy Verbond van Vrede met die mensdom, is verseël met Jesus se bloed. As God hierdie Verbond verbreek, verwerp Hy die kruisiging, dood en opstanding van Sy Seun. Maar hierdie Verbond is seker!
Indien iemand na jou toe kom en sê dat God die aarde met ‘n vloed wil vernietig, sal jy hom nie glo nie…… Ons glo dus God se Verbond met Noag onvoorwaardelik, maar ons twyfel aan God se Vredesverbond met ons. Onkunde veroorsaak dat baie mense vasgevang is in leuens rakende God en nie in oorwinning kan leef nie. As Christene behoort ons die impak van die Nuwe Verbond te ken. Ons moet hierdie Nuwe Verbond uitleef, bedien en aanbid!
God het ‘n eed afgelê dat Hy vrede met die mensdom begeer. Dit geld vir gelowiges, sowel as vir ongelowiges. Jesus het nie net God se woede oor die kerkgangers se sonde beleef nie, maar God se woede vir die hele mensdom se sonde. God kan dus NIEMAND meer oordeel vir sy sonde nie….
Wat maak hierdie Vredeverbond so seker? Geregtigheid!! *“Deur geregtigheid sal jy bevestig word…”* (Jes. 54:14) Vers 17 sê verder: *“…en hulle geregtigheid is uit My.”* Hierdie geregtigheid is dus nie as gevolg van ‘n mens se optrede nie, maar hierdie geregtigheid in geloof word deur Jesus verkry.
God sê in Jesaja 40:2 *“Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes.”* **Die stryd is verby!** God het reeds alles gedoen om die stryd / oorlog deur Jesus te wen.
Wat dan van die boodskap dat God ons nog gaan oordeel? Wat van die boodskap wat sê dat God pyn en lyding gebruik om Sy kinders iets te leer?

Jesaja 54:17 verklaar: *"…elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê."* Die tong wat beweer dat God mense nog oordeel, is 'n goddelose tong en praat volgens die Bybel nie die waarheid nie! As ons nie leuens oor 'n volgende wêreldvloed glo nie, behoort ons ook nie hierdie leuen van God se oordeel te glo nie. Daarom sing die engele: *"Ere aan God in die hoogste hemele en VREDE OP AARDE, IN DIE MENS 'N WELBEHAE!"*

Ons het 'n vaste verbond met God wat verseël is met Jesus se bloed!

Sommige redeneer weer: "As ek my verbond met God verbreek, kan God syne ook verbreek." Ons moet een ding egter duidelik verstaan: God het nie met ons 'n verbond gesluit nie, maar met Jesus. Hierdie verbond kan slegs verbreek word as Jesus misluk. En Jesus het nie misluk nie….. Hy het elke aspek van die verbond nagekom. Hierdie verbond is dus vas en seker – niks kan dit ooit weer verander nie!!

Galasiërs 3:16 sê *"Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus."* Hierdie belofte is aan Jesus gemaak en die verbond is met Jesus gesluit. Omdat ek IN Jesus is, kwalifiseer ek vir hierdie verbond.

Ons aanvaar dat God 'n verbond met Noag gesluit het waarby ons almal baat vind en ons optrede kan niks aan hierdie verbond tussen God en Noag verander nie. Derhalwe kan ons optrede ook nie God se verbond met Jesus verander nie.

Ons staan in 'n vredesverbond met God wat vas en seker is. Dit is verseël met die bloed van Jesus!

Hoofstuk 13

God se Liefde

"En ons het die liefde wat God vir ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom." (1 Joh. 4:16) Die dissipel Johannes het nie net in God se liefde geglo nie, maar dit ook beleef. Hy het toegang gehad tot die kragtigste wapen op aarde – God se liefde!
Nadat ek tot bekering gekom het, was my grootste begeerte om God se krag te ervaar. Ek wou God se magtige dade sien. Nes Elia, wou ek God in 'n aardbewing, die vuur en wind sien. Maar ek het gou tot die gevolgtrekking gekom dat mens al hierdie dinge kan sien, maar God steeds nie ken nie. Dit het vir my belangriker geword om God eerder te KEN.
Ons sal slegs die omvang van God se krag begryp as ons die omvang van Sy liefde besef. Paulus het dit verstaan toe hy vir Efese gebid het *"….sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is. En julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat alle kennis oortref, sodat julle VERVUL KAN WORD TOT AL DIE VOLHEID VAN GOD."* (Ef. 3:17 – 19) Paulus het ontdek dat wanneer jy in God se liefde glo en dit ervaar, jy gevul sal word met God se krag!
Liefde motiveer alles wat God doen, want God IS liefde. Dit is die enigste sleutel tot wonderwerke, geloof en vrede.
Wanneer ek vir siekes bid, duiwels uitdryf of intree deur gebed, probeer ek God nie beinvloed om op 'n sekere manier op te tree nie. Dit is ook nie 'n geval van 'n goeie persoon wat iets goeds verdien nie. Ek is slegs bewus van God se allesoorheersende liefde wat alreeds Sy beste gegee het….JESUS. My vertroue lê nie in my geloof nie; ek vertrou op God se liefde. My geloof is slegs 'n reaksie op God se liefde en goedheid.
In Romeine 8:32 – 34 wil Paulus ons d.m.v. vrae laat besef dat God nie die oorsaak van ons probleme is nie. *"Hy wat*

selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" Paulus herinner ons hier dat God reeds Sy BESTE vir ons gegee het. Hoe kan God iets goeds van ons weerhou as Hy reeds Sy beste gegee het…..
Paulus sê dat God vrygewig en onverdiend skenk. Ons het Jesus ontvang, al is ons Hom hoegenaamd nie waardig nie. Hoe op aarde sou God dan van ons kon verwag om iets te doen? As iets verdien moes word, sou dit seer sekerlik wees om die reg te verkry om kinders van God te wees. Maar ook hierdie voorreg is aan ons geskenk. Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het, het Hy gesê: *"Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. JULLE HET DIT VERNIET ONTVANG, VERNIET MOET JULLE DIT GEE."* (Matt. 10:8)
Die indruk word geskep dat ons bang is om 'n 'gratis' boodskap te verkondig. Dis juis wat die evangelie so uniek maak –die verlorenes moet weet dat God vir hulle ook lief is. Slegs Sy goedheid kan 'n verandering in hulle harte teweeg bring. As hulle 'proe' en sien dat God goed is; wie sal dan tevrede wees met weggooikos?
Paulus vra*: "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak."* (Rom. 8:33) As God ons regverdig verklaar, ondanks ons verlede, wie het dan die reg om ons verder aan te kla? God is beslis nie die een wat fout soek nie……
Ek kan nie voor God staan met my eie regverdigheid nie. Ek kan net voor Hom staan met die geregtigheid wat ek in Jesus verkry het. As God dus nou fout vind met my, beteken dit Hy vind fout met Sy eie handewerk*. "Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus"* (Ef. 2:10)
Volgens hierdie Skrif vind God defnitief nie fout met Sy handewerk nie. Minderwaardige gevoelens van ontoereikendheid en vrees om as mislukking voor God geklassifiseer te word, is emosies wat uit my eie hart kom en BESLIS nie hoe God na my kyk nie!
Wanneer ek sondig, veroordeel my hart my. Ek moet dus na my hart luister en my optrede verander wat my andersins weerhou om met selfvertroue voor God te kom. MAAR: gelukkig is God groter as my hart . My hart sê ek moet my

optrede verander om in korrekte verhoudinge met ander te leef. Maar: Jesus se voltooide werk aan die kruis vertel my dat God my liefhet en aanvaar, ten spyte van verkeerde optredes. Ek kan dus met vrymoedigheid na God kom vir hulp; veral wanneer ek sukkel om slegte gewoontes af te skud.
Paulus vra die volgende vraag: *"Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is; wat aan die regterhand van God is en vir my intree." (*Rom 8:34) Paulus wys hier hoe absurd dit is dat enige foutvindery van God se kant mag kom. Waarom sal Hy foutvind, as Hy vir ons gesterf het om ons nuut te maak?
As Jesus vir my is; kan Hy beslis nie in God se teenwoordigheid teen my wees nie. Gevoelens van veroordeling en straf kan dus nie van Jesus af kom nie. Hy is VIR my; nie teen my nie.
Die meeste Christene stem met hierdie stelling saam, totdat iemand sondig. Dis maklik om te glo God is lief vir ons as ons korrek optree, maar min mense glo dat God vir ons lief is en volkome aanvaar wanneer ons iets verkeerd doen. 1 Johannes 2:1 sê: *"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie…"* Dit is duidelik dat God nie wil hê dat ons moet sondig nie, maar die vers sê verder: *"en as iemand gesondig het; ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige."* Dit sê nie dat God ons oordeel wanneer ons sondig of dat Jesus ons sal aankla nie, maar Jesus bly steeds ons advokaat wat VIR ons is; nie teen ons nie. Jesus veroordeel ons nie, maar help ons.
Volgens die Bybel is Satan die Aanklaer van mense; nie Jesus nie. Veroordeling help niemand om op te hou sondig nie; maar vernietig eerder jou selfvertroue en menswaardigheid en laat jou glo dat God jou gaan straf. Veroordeling is die sterkste wapen wat Satan teen die gelowige gebruik. As hy jou kan laat glo dat God teen jou is, sal hy skeiding bring tussen jou en die enigste Een wat jou kan help.
Ons is gekondisioneer om te glo dat God die oorsaak is van al ons probleme. As 'n probleem opduik, is ons eerste vraag dikwels: 'Wat het ek verkeerd gedoen? Hoekom straf God my?' Jesaja 54:15 sê: *"As hulle ook die aanval begin – dit is*

nie uit My nie.." Jeremia profeteer ook, *"En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie; want EK IS MET JOU, spreek die Here, om jou uit te red."* (Jeremia 1:19)
God is die Bevryder; nie die Vernietiger nie. Die Nuwe Testament sê *"Laat niemand as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie."* (Jak. 1:13) Die woord 'versoek' beteken om iemand doelbewus te laat swaarkry of struikel. Moet dus nooit weer sê dat God jou versoek nie – God kan dit nie doen nie; Hy het jou dan regverdig verklaar.
Die wêreld het God gebrandmerk as 'n nare en wrede God. Daarom verkies baie om eerder sondaars te wees as Christene. Die prentjie wat die wêreld van God voorhou, is egter nie die God wat Jesus aan ons kom voorstel het nie. Ek onthou 'n insident toe ek God se liefde met 'n alkoholis gedeel en hom verseker het van God se liefde en onvoorwaardelike genade. Terwyl hy gehuil het, het hy regop gespring en skielik gevra: 'Mag ek jou Bybel sien?" Ek het my Bybel oorhandig en gevra waarna hy wil kyk, waarop hy geantwoord het: "Ek wil sien of dit dieselfde Bybel is wat die ander predikers gebruik." Hy het vervolg, "Ek het nog nooit van die God gehoor van wie jy my vanmiddag vertel het nie." Hier was 'n man wat in die kerk opgegroei het en in 'n area gewoon het waar talle kerke aktief betrokke was, maar nog nooit gehoor het dat God hom **onvoorwaardelik** liefhet nie. God is nie 'n skisofreen wat van ons verwag om Hom lief te hê en intussen straf Hy ons nie. Hy is die skepper van liefde. Hy IS liefde. Ware liefde vloei uit Hom uit. LIEFDE is wie en wat Hy is. Hy het hierdie liefde aan ons gedemonstreer toe Hy Jesus in ons plek laat sterf het. Ons het dit nie verdien nie en wou dit nie eers hê nie, maar dit het Hom nie in Sy liefde gestuit nie.
Wanneer ons Jesus as Verlosser aanvaar, raak Sy zoë lewe deel van ons. Volkome genesing, voorspoed, krag en die volheid van God is dan IN my in Christus. As ek God se liefde aanvaar, laat ek Sy lewe (zoë) toe om my hele wese te infiltreer met vreugde, vrede en dankbaarheid.

Hoofstuk 14

Geloof weens goeie nuus

Hoekom laat alle Christene nie wonderwerke gebeur nie? Hoekom vertrou alle mense wat die Woord hoor, nie die Here nie? Romeine 10:17 sê *"Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God*." Dis belangrik om na die hele hoofstuk te kyk, om hierdie teksvers in konteks te verstaan.
Romeine 10:13 sê *"Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."* Vers 14 verduidelik *"hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie glo nie? En hoe kan hulle in Hom glo as hulle nie van Hom gehoor het nie?"* Ons sien dus dat dit onmoontlik is om te glo as jy niks gehoor het nie. Wat jy van God hoor, bepaal of jy Hom gaan aanroep. As jy hoor dat Hy jou onvoorwaardelik liefhet en aanvaar, gaan jy Hom gereeld nader. As jy egter onseker is oor Sy liefde vir jou, sal jy Hom eerder vermy.
Romeine 10:15 *"Hoe kan hulle hoor sonder 'n prediker?"* Die persoon wat die Woord verkondig, gaan jou interpretasie van die Woord beslis beinvloed. In Lukas 10:26 het Jesus op 'n man se vraag as volg geantwoord, *"Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?"* Eerstens, wat sê die Woord en tweedens, hoe interpreteer ek dit.
Wat God se Woord sê en hoe ons dit interpreteer, is dikwels wêrelde van mekaar verwyder. Ons sien God soos predikers Hom aan ons voorhou. Daarom is dit so belangrik dat ons die Woord self moet bestudeer om ons eie opinie oor God te vorm.
In Lukas 8:18 waarsku Jesus "*Pas dan op HOE julle hoor"* Hoe ons hoor, is net so belangrik as wat ons hoor. As ek 'n belofte van God hoor, kan ek weet dis die waarheid. Maar as ek 'n voorwaarde aan daardie belofte koppel, verander ek lewe in dood.
Ek moet die Woord toelaat om te sê wat daarin staan. Ek kan dit nie verander om by my eie interpretasie aan te pas nie. Ek kan ook nie na die Ou Verbond kyk om te sien hoe God in die

Nuwe Verbond optree nie. In die Ou Verbond is die fokus op die wet en in die Nuwe Verbond is die fokus op Jesus.
Die persoon wat die Woord aan my verkondig, beinvloed my denkwyse, want hy deel sy interpretasies met my. Daarom sê Romeine 10:15 *"Hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?"* Daar is te veel predikers wat nie God se evangelie van vrede verstaan nie. Hulle preek met entoesiasme , maar gee slegs hulle eie interpretasies weer.
Romeine 10:15 vervolg: *"Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig?"* Alle predikers verkondig beslis nie die boodskap van vrede nie…….Die Bybel sê slegs diegene wat die EVANGELIE VAN GOEIE NUUS en van GOD SE VREDE verkondig, is deur God gestuur.
Die predikers wat nie in die boodskap van vrede glo nie, verkondig 'n boodskap van verdoemenis en oordeel.
Romeine 10:16 sê *"maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie, want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo?"*
Ware geloof kom nie as ons die Woord in die algemeen hoor nie. Ware geloof kom slegs as ons God se goeie nuus van vrede hoor. Boodskappe oor wetsonderhouding en eie werke, vernietig ons vertroue in God en ons draai van Hom af weg. Boodskappe oor God se vrede laat ons egter na God toe draai en Hom vertrou.
Hebreërs 11:1 sê *"Die geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*
Ware geloof gaan altyd gepaard met hoop. In die oorspronklike vertaling beteken hoop "'n aanhoudende verwagting van goeie dinge" Om gedurig te verwag dat slegte dinge met jou sal gebeur, lei tot vrees. 'n Verwagting van goeie dinge, bou geloof.
Christene behoort altyd met 'n verwagting te leef. In elke situasie moet ons slegs goeie dinge van God verwag. As ons egter na leringe rondom God luister van beproewinge, probleme en swaarkry, sal ons eerder slegte dinge van God verwag. Die Bybel noem dit vrees. Volgens Hebreërs 11:1 kan geloof nie sonder hoop bestaan nie.
Baie Christene probeer God se aanvaarding wen met hulle geloof. Dit is niks minder as werke nie en geensins geloof

nie. Geloof funksioneer op grond van beloftes. Geloof vertrou God omdat Hy goed is. Geloof probeer God nie oorhaal om goed te doen nie. Geloof WEET God is goed.
Ons het grootgeword met die gedagte dat ons God kan laat optree wanneer ons genoeg glo. Dis egter ‘n verkeerde persepsie….. Geloof is bloot ons reaksie op wat God REEDS in Jesus gedoen het. As ons nog steeds probeer om God op ‘n sekere manier te laat optree, glo ons nie dit is reeds in Jesus gedoen nie. As ons glo elke behoefte van ons is IN Jesus, sal ons elke dag met ‘n verwagting leef!
Elke situasie word deur hoop of vrees gekenmerk. Die persepsie wat ons van God het, beinvloed uiteindelik alles waarin ons glo. ‘n Verkeerde persepsie van God ontstaan gewoonlik wanneer mense die Ou en Nuwe Verbond met mekaar verwar. In Psam 78:37 verduidelik God *“maar hulle hart het nie aan God vasgehou nie”.* Omdat ons hart nie in die Nuwe Verbond gevestig is nie, meng ons die Ou en Nuwe Verbond en raak dan verward hoe God na ons kyk. Dit beinvloed ook ons interpretasie van die Bybel.
Ek het ‘n storie gehoor van ‘n Oosterse seun wat langs die kus die bote dopgehou het. Hy het gesien hoe die wind in een rigting waai, maar dat die bote in verskillende rigtings vaar. Toe vra hy ‘n wyse man: “Hoekom waai die wind in een rigting, maar die bote vaar in alle rigtings?” Die wyse man het geantwoord: ‘Dis nie die windrigting wat die koers van die bote bepaal nie, maar die seil.”
Op dieselfde wyse is dit nie die Woord wat ons rigting bepaal nie, maar wat ons in ons hart glo. Ons ‘seile’ is deur jarelange tradisies gevorm. Hierdie tradisies maak God se Woord net so oneffektief soos met die Fariseërs in Jesus se tyd. (Markus 6:13)
Sonder ‘n evangelie van vrede, kan ons nie glo nie. Jesus het dieselfde Bybel as die Fariseërs gelees, maar Sy God was barmhartig en het mense vergewe.
Sy God het mense genees. Die Fariseërs daarenteen, het ‘n kwaai God aanbid wat mense belas met ‘n magdom reëls en regulasies wat nagekom moet word. Wat was die verskil? Die seile is verskillend gespan.
As ons in ‘n gemene God glo wat ons oordeel as ons net ‘n voetjie verkeerd sit, sal ons Skrif kry om dit te staaf. Maar, as

ons God sien as ‘n liefdevolle Vader, soos Jesus, sal ons beloftes vind wat ons hoop gee.
Spreuke 10:29 sê *“Die weg van die Here is vir die opregte ‘n vesting, maar ‘n ondergang vir die werkers van ongeregtigheid.”* Jou hart bepaal of jy God se liefde gaan raaksien en of jy eerder na Hom wil kyk as ‘n God wat oordeel en fout vind. Ons siening van God ontwikkel en groei gedurig. Ons moet daarteen waak dat niks ons vertroue in God skend nie. Die Woord sê in Romeine 1:17 *“Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”* Waak daarteen dat alles wat jy glo, ooreenstem met hierdie waarheid dat jy slegs uit jou geloof regverdig is voor God!

Hoofstuk 15

Saai en Maai

Mense is bang dat die evangelie van vrede ‘n losse leefstyl tot gevolg sal hê. Paulus het egter gesê hy skaam hom nie vir die evangelie nie (Rom 1:16) Hy het geweet dat mens net in oorwinning kan leef as jy in hierdie evangelie glo.
Paulus het baie vervolging deurgemaak omdat hy bereid was om hierdie opwindende boodskap te verkondig. Die Romeine het hom beskuldig dat hy sonde aanmoedig, in Korinthe moes hy sy boodskap en apostelskap verdedig en in Galasiërs is sy boodskap gekritiseer. Sy vervolgers het oral probeer om mense te laat afsien van God se vredesboodskap en eerder terug te val op hulle eie werke. Paulus het egter volhard deur te sê: “Ek skaam my nie vir die goeie nuus van regverdigheid deur geloof nie.”
Daar sal altyd mense wees wat misbruik maak van God se goedheid, omdat hulle harte verdraai is. Paulus waarsku in Galasiërs 5:13 *“moenie julle vryheid gebruik as ‘n aanleiding vir julle vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.”* Petrus het ook hierteen gewaarsku. Ons kan waarsku, maar ons kan nooit die waarheid verander of verdraai nie.
Galasiërs 6:7 sê *“Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.”* VIGS, siektes en armoede is nie God se oordeel oor die wêreld nie, maar dikwels die gevolg van die saai en maai beginsel. Mense moet gewaarsku word dat sonde pyn veroorsaak en uiteindelik venietig. Dis egter onwaar dat God pyn gebruik om ons te straf. Ons hele lewe bestaan uit keuses en wanneer ons keuses maak, moet ons saamleef met die gevolge daarvan. Keuses gebaseer op die waarheid lei tot lewe, terwyl keuses gebaseer op leuens, tot vernietiging en die dood lei.
Die saai en maai beginsel het niks met God se seëninge of straf te doen nie. Dis ‘n natuurlike wet wat deur God ingestel is. Ons kan nie een soort saad saai en verwag dat ‘n ander plantjie moet opkom nie. Ons moet saad saai wat vir ons die regte oes sal oplewer.

Sodra mense besef dat sonde die oorsaak van hulle pyn en ellende is, sal hulle sonde met dieselfde passie as God haat. Weens valse leerstellinge glo mense dat God verantwoordelik is vir die pyn in hulle lewens en haat God dus. As ons ‘n afvallige lewe kies, is dit nie God wat ons oordeel nie, maar die gevolge van ons keuses wat ons moet dra. Weet verseker: die saai en maai beginsel is onveranderlik.

As ons berou toon, kan ons te enige tyd na ‘n liefdevolle en barmhartige God gaan, wat ons onmiddellik sal vergewe en negatiewe saad in ons lewens sal uitkanselleer. Beteken dit dat ons wetteloos kan leef om net elke keer weer deur God vergewe te word? Allermins.

Die Bybel waarsku dat ons ons hart moet bewaak, “*want daaruit is die oorspronge van alle lewe.”* (Spreuke 4:23) Alles in jou lewe is ‘n uitvloeisel van wat in jou hart aangaan. Ons kan nie iets uitleef as dit nie eers in ons hart leef nie. Hebreërs 3:13 sê *“Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.”* Sonde verhard die hart en maak ons onsensitief vir God se stem. Paulus waarsku die Christene in Efese om nie soos die heidene te leef nie*. “Dit sê ek in die Here, dat julle nie moet wandel soos die ander heidene wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie. – mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart, wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.”*

(Ef. 4: 17 – 19) Om in sonde te volhard, verhoed dat ons na God kyk as ‘n liefdevolle Vader en uiteindelik raak ons vervreemd van die oorvloedige lewe wat God ons bied.

‘n Harde hart kan vergelyk word met eelte op jou hande. As jy sonder handskoene werk, is dit onafwendbaar dat jou hande blase sal kry. Aanvanklik is dit seer en hinderlik, maar later raak dit harde en ongevoelige eelte. Dieselfde geld vir sonde. As ons aanvanklik verkeerde dinge doen, kla die Christen se hart hom aan, maar as dit aanhoudend gebeur, luister die persoon nie meer na die Heilige Gees se waarskuwings nie. Paulus sê in

vers 19 *“wat ongevoelig geword het*.”
Hebreërs 3:12 waarsku: *“Sorg daarvoor broeders; dat daar nie miskien in een van julle ‘n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.”* ‘n Harde hart sal uiteindelik van God wegdraai en NIE MEER PYN VOEL NIE.
Die boek Hebreërs bevat ses waarskuwings teen sonde, waarvan afvalligheid die belangrikste is. ‘n Afvallige persoon draai doelbewus van God weg en gooi as’t ware sy redding weg….. God gee vir ons elkeen ‘n keuse. Afvalligheid gebeur nie oornag nie. Dikwels kies ons eerder om oor ‘n tydperk na Satan se leuens te luister totdat ons ‘n punt bereik waar ons nie meer wil omdraai nie.
Moenie bekommerd raak as jy dalk lou geraak het in jou verhouding met God nie. Solank jy leef, kan jy altyd reg kies, maar as jy doelbewus in sonde wil bly, mag daar ‘n dag aanbreek wat jy nie MEER WIL VERANDER of die regte keuse maak nie.
God sal nooit ophou om jou lief te hê nie en Jesus sal nooit teen jou draai nie. Hy is vir altyd by ons (1 Joh. 2:1) Tesame met God se vredesboodskap, moet ons ook ag slaan op die waarskuwings. Ons kan nie van God misbruik maak nie, maar sonde sal verseker van ons misbruik maak en ons uiteindelik vernietig.
Alhoewel God genadig is, is mense nie. Lank nadat God ons vergewe het, sal mense nog ons foute teen ons hou. Hulle mag ons dalk nie vertrou nie. Daar mag selfs woede wees. Of mense kan sukkel om jou te vergewe. Dit is ongelukkig ‘n gevolg van die saai en maai beginsel.

Hoofstuk 16

‘n Liefdesverhouding

Met my aanvanklike kerkbywoning as jong Christen, het almal oor bekering en ‘n verhouding met Jesus gepraat. Mettertyd het ek egter agtergekom dat min kerkgangers ‘n ware liefdesverhouding met God het, maar eerder in hulle eie vooropgestelde idees glo. Dis meestal goeie mense en hulle is beslis gered, maar van ‘n intieme verhouding met God is weinig sprake. ‘n Verhouding vereis tyd en moeite – iets wat min mense gewillig is om te doen. Vir sommige is dit makliker om eerder ‘n stel reëls na te kom as om tyd met God te spandeer.

Jesus het die dissipels herhaaldelik verseker dat die Heilige Gees as Vertrooster, Helper en Gees van Waarheid na hulle gestuur sal word. Jesus was die heeltyd by sy dissipels, maar die Heilige Gees sal BINNE hulle woon en hulle dring om ‘n liefdesverhouding met God te begeer.

Jesus sê *“As julle My liefhet, bewaar My gebooie.”* (Joh. 14:15) Vrees laat jou iemand gehoorsaam, al verag jy hom. ‘n Slaaf het nie ‘n keuse nie, maar Jesus sê AS ONS HOM LIEFHET, sal ons Sy gebooie onderhou. As ek iemand liefhet en nie vrees nie, is dit maklik om hom te gehoorsaam.

As jong seun in Tennesee, was ek bitter en kwaad. Ek het gesteel, gevloek en baklei. Al was ek geheg aan my moeder, het ek elke oomblik van ons misrabele huishouding gehaat. Ek het swak gevaar op skool en geen ambisie gehad om iets in die lewe te bereik nie.

My oom was my behoud. Terwyl ek by my ouma gebly het, het hy dikwels tydens my verlof in die weermag kom kuier en my held geraak. Hy het hoë standaarde aan homself gestel en dieselfde van my verwag. Hy het vertroue in my gehad en my laat glo dat ek enigiets kan doen wat hy van my verwag. Sy geloof en vertroue in my as mens, het meer reggekry as honderd keer se pak slae. Ek het hom gehoorsaam omdat ek hom liefgehad en ons verhouding vir my kosbaar was. Ek wou hom nooit teleurstel nie.

As ek op dieselfde wyse bewus raak van God se liefde en goedheid, wil ek ook nie vir Jesus teleurstel wat Sy lewe vir

my gegee het nie. Omdat ek Hom liefhet, wil ek Sy Woord gehoorsaam. Maar wat ‘n wonderlike troos dat God my nie verwerp as ek faal nie. Die wete dat iemand in jou glo, help jou om weer op te staan en aan te gaan.
God het nie verskillende standaarde nie. Die liefde wat in 1 Korinthiërs 13 beskryf word, is wie God is. Omdat ons na God se ewebeeld geskape is, behoort ons ook so lief te hê. Omdat God se liefde nie verwerp of veroordeel nie, behoort ons dit ook nie te doen nie. Al is God heilig en volmaak, verwerp Hy my nie in my onvolmaaktheid nie. In ‘n atmosfeer van vrede en aanvaarding, is dit vir my maklik om te groei na heiligheid.
In Johannes 14:21 en 23 sê Jesus*: “Wie My gebooie bewaar, dit is hy wat My liefhet, hom sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar…As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by Hom woning maak.”* Jesus wil Homself aan jou openbaar. Hy begeer ‘n intieme vehouding met jou waar Hy en die Vader met jou gemeenskap kan hê, jou kan leer en jou kan liefhê. Dis ‘n hartsverhouding.
Die kerk word dikwels vergelyk as die bruid van Christus. Paulus gebruik die verhouding tussen ‘n man en vrou om die kerk se verhouding met Christus beter uit te beeld. Ek bemin my vrou en weet sy sal my nooit opsetlik kwaad aandoen of seermaak nie. Sy wil hê ek moet ‘n sukses wees, asook ‘n gelukkige persoon. As ek hierdie persoon wat my liewer het as enigiemand anders, sleg behandel, is ek ‘n stommerik. Ek is nie vir haar goed omdat ek bang is vir haar nie. As ons ‘n uitval het, lei dit soms tot stilstuipe. Die gebrek aan blydskap en vrede motiveer my om ons verhouding te herstel. Ons het so ‘n besondere verhouding, dat ek nie kans sien om dit te vertroebel met onbenullighede nie.
Jesus bemin my. Hy vertroos my en genees my as ek siek is. Ek hoef nooit vir Hom bang te wees nie en ervaar nooit tekort nie, omdat Hy vir my sorg. Waarom sal ek so ‘n kosbare verhouding versmaai as ek op elke lewensterrein vervuld is? Namate ek die liefde en goedheid van God ervaar, raak dit die mees belangrike verhouding in my lewe. Hierdie vervulling is so kosbaar dat dit my weerhou van sonde. Liefde kry baie meer reg as vrees.

Hoofstuk 17

Onderskei met jou hart

Ons hart is die kern van ons menswees en tog verstaan ons so min daarvan. Ons verhouding met God bestaan net uit reëls en regulasies, maar ‘n wet verhinder jou om jou hart te verstaan. Uiterlik kan twee persone dieselfde lyk en tog uiteenlopend optree. Een kan eerlik en opreg wees, terwyl die ander een manipulerend en skynheilig is.
Die Bybel gee ons nêrens die reg om iemand anders se optrede te oordeel nie. Soms hoor ek ‘n uitlating dat iemand ‘n ‘goeie hart’ het. Hoe weet die persoon dit? Wie het hom die reg gegee om hierdie uitlating te maak? Oordeel behoort slegs aan God. Ons verstaan nie eers ons eie harte nie; hoe durf ons ander probeer verstaan?
God se Woord is ‘n spieël waarin ek kan kyk om my hart te verstaan. Wanneer ek die Woord bestudeer en uitleef wat daarin staan, sal ek gou uitvind of dit dade van die lig of dade van die duisternis is. As my motief liefde is, sal ek God se teenwoordigheid ervaar en vry wees van oordeel.
Ek het al dikwels die voorreg gehad om mense met ‘n wettiese ingesteldheid te help. Hulle is soms huiwerig dat ‘n boodskap van genade sonde sal aanmoedig. Die teenoorgestelde gebeur egter. God se liefde, genade en waarheid bevorder nie sonde nie, maar ontbloot dit. Die ontstellende is dat wanneer hierdie mense nie meer met God se oordeel gedreig word nie, hulle dikwels ophou om God te dien omdat hulle besef hulle God nie regtig liefhet nie. Hierdie mense was nog nooit waarlik in ‘n liefdesverhouding met God nie. Onder die wet, het hulle God se goedheid nie verstaan nie. Hulle het nog nooit waarlik berou gehad oor hulle sonde wat ‘n gesindheidsverandering teweeg sou bring nie. Hulle het hul sonde slegs uit vrees vir God bely. Hulle HET God gedien, maar nie met hulle harte nie. Dit was slegs lippetaal. Ek bevraagteken nie hulle redding nie, maar wel of hulle redding gepaard gaan met vreugde…..
Spreuke 14:14 sê: *“Uit sy eie wandel word die verkeerde van hart versadig….”* Jou hartstoestand bepaal of jou lewe gevul gaan wees met goeie of slegte dinge. Uiterlik mag dit lyk of

dit met jou goedgaan, maar innerlik?

'n Man wat God altyd met sy optrede probeer beïndruk het, het nadat hy hierdie goeie nuus gehoor het, bely dat hy nie meer lus is om gereeld Bybel te lees of te bid nie. Hy wou nie eers meer oor sy Christenskap getuig nie. Hy was baie geskok toe ek hom meedeel dat die goeie nuus in sy geval werk. My antwoord was as volg: "Hoeveel dinge het jy in die verlede gedoen omdat jy God en die mense om jou waarlik liefhet? Het jy dit nie dalk gedoen om die kerkleiers te beïndruk met jou Christenskap nie? Of om dalk 'n hoë posisie in die kerk se leierskorps te beklee nie? Na 'n rukkie se stilte, het hy sy kop laat sak en bitterlik gehuil. Hy het later erken dat hy meestal dinge gedoen het sodat hy erkenning kon kry sowel as 'n statusposisie in die gemeente.
Ek kry gereeld met mense te doen wat sukkel om God prakties te beleef. Hulle sukkel om 'n realistiese verhouding met God te hê na jare se skynheiligheid en 'n ingesteldheid om guns te wen met hulle dade. Dis altyd 'n voorreg om te sien hoe baie van hierdie mense mettertyd die vrugte van die Heilige Gees begin uitleef en 'n vrede en vreugde ervaar wat hulle nie geweet het bestaan nie.
Liefde vereis die regte motiewe. Liefde manipuleer en dwing niemand nie. Die goeie nuus van vrede vereis 'n suiwer hart. As hierdie boodskap tot 'n sedelose leefstyl lei, is daar groot fout met jou hart. As jy van God se genade en liefde probeer misbruik maak, is daar ook fout met jou hartsingesteldheid. Die probleem lê nie by die boodskap nie. Onthou: *"Die weg van die Here is vir die opregte 'n vesting, maar 'n ondergang vir die werkers van ongeregtigheid."* (Spreuke 10:29)
Jou hart is die setel van jou emosies en wil. Emosies kan egter baie misleidend wees, omdat dit verskeie oorspronge kan hê. Baie mense is uitgesproke Christene, maar leef onder vrees vir veroordeling. Selfgesentreerde persone glo dikwels dat hulle slegs vir God leef. Emosies is dus nie 'n korrekte weerspieëling van jou hart nie. 1 Johannes 3:18 – 21 verduidelik *"…laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid. En hieraan sal ons weet dat ons in die waarheid is…."* As my hart my veroordeel, kan ek hom daaraan herinner dat my motief tog liefde is.

Goeie werke gaan my nie guns by God gee nie, maar my lewe gaan begin vrugte dra omdat ek in ‘n liefdevolle verhouding met God is.
As my hart my nie meer veroordeel nie, sal ek selfvertroue hê en ontvang wat ek vra. ‘n Belangrike aspek van geloof is vertroue. Ek moet eers ‘n verwagting hê en met vrymoedigheid voor God kan staan. 1 Johannes 3:22 *sê “en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.”* Sommige sal gou wees om te sê dat ons God se gebooie eers moet gehoorsaam, voordat ons gebede beantwoord kan word. Onthou egter dat jou motief liefde moet wees. Om God se gebooie na te kom, gaan beslis nie jou gebede beantwoord nie, maar om Sy gebooie na te kom sal jou vrede laat ervaar.
Vers 23 gaan verder *“En dit is Sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons ‘n gebod gegee het.”* Om in Jesus te glo en in liefde te leef, vervul al die gebooie van Jesus. My leefwyse openbaar wat ek in my hart glo. Die wyse waarop ek teenoor God optree en na mense kyk, is nie sodat ek God se veroordeling kan vryspring nie. Nee, ek tree so op omdat ek God se liefde vir my ontdek het en dit in my hart glo.
Wanneer God se oordeel nie meer soos ‘n swaard oor jou kop hang nie, kan jy eers waarlik sien wat in ‘n persoon se hart aangaan. As jy God se boodskap van vrede hoor en jy kies om steeds te sondig, wys dit wat in jou hart aangaan. Die waarheid sal jou hartsingesteldheid ontbloot. Al jou motiewe en bedoelings sal aan die lig kom. *“Want die Woord van God ……is ‘n beoordelaar van die hart.”* (Hebreërs 4:12)

Hoofstuk 18

Dis belangrik wat in jou hart aangaan

Ons glo dat God ons net deur krisisse en traumatise ervarings kan verander. Slegs ‘n stommerik leer egter deur herhaaldelike foute en ons is beslis nie stommerike nie, maar God se seuns en dogters.
Onder die Ou Verbond kon God net met mense se uiterlike werk en moes Hy soms negatiewe situasies gebruik om Sy volk in die regte rigting te stuur. Selfs onder die Ou Verbond het God telkemale probeer om Sy volk teen vernietiging te beskerm. Omdat die Israeliete nog nie wedergebore was nie, kon God nie tot hulle harte spreek nie en moes gebruik maak van profete, ouers of mense wat beskikbaar was om as spreekbuis op te tree. ‘n Wyse persoon kon groei en verander deur na God se Woord te luister. ‘n Wyse persoon hoef nie deur slegte ondervindinge te leer nie. Spreuke 10:8 sê duidelik: *“Hy wat wys van hart is, neem die gebooie aan, maar hy wat dwaas van lippe is, kom tot ‘n val.”*
‘n Dwaas persoon is iemand wat nie na wyse raad wil luister nie en die gevolge dan moet dra. Spreuke 19:29 verklaar*: “Vir die spotters staan strafgerigte klaar en slae vir die rug van die dwase.”* Iemand wat nie na God se Woord luister nie, sal op een of ander manier pyn in sy lewe ervaar.
Wat God in die Ou Verbond uiterlik moes laat gebeur onder die wet, kan Hy in die Nuwe Verbond doen in jou hart. Niks is meer pynlik as ‘n gesonde gewete wat deur sonde verlei word nie, want sonde staan lynreg met ons nuwe natuur. Wanneer ek Jesus in my lewe innooi, maak Hy van my ‘n nuwe mens. Dan het ek nie meer ‘n sondige natuur nie en sal nooit weer gemaklik wees met sonde nie. Dis nie meer wie ek is nie! Nou het ek ‘n regverdige natuur en die Heilige Gees in my herinner my gereeld hieraan.
Sonde veroorsaak net pyn en verbreek meestal betekenisvolle verhoudinge met mense vir wie ek lief is. Ek moet nooit aanneem dat die pyn wat dikwels deur sonde veroorsaak word, God se manier is om my te straf nie. God sê oral in Sy Woord dat sonde doodmaak!

Hoe tugtig God ons dan? Die woord ‘tugtig’ beteken om in ‘n regte rigting te stuur. God wil jou op ‘n liefdevolle wyse in die regte rigting stuur en ontwikkel. Augustinus het dit egter verander sodat ons vandag ‘n negatiewe konnotasie heg aan die woord tugtig.
Die boek Hebreërs sê *“…..my seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom gestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.”* (Hebr. 12:5-6) Spreuke 3:12 sluit hierby aan*: “want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos ‘n vader die seun in wie hy ‘n behae het.”*
God tugtig my nie as ‘n vader wat sy seun haat nie, maar as ‘n vader wat sy seun baie liefhet. God vind behae in my omdat ek in Jesus is; nie a.g.v. my goeie werke nie. Aangesien ek in Jesus is, is ek ook na Sy ewebeeld geskape. Romeine 8:29 sê *“want die wat Hy vantevore geken het, het Hy geroep om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.”* Dit is God se wil vir my dat ek soos Jesus moet wees en daarom moet God my hart eers verander. Die groei en verandering in my hart is bloot te danke aan God se genade.
Spreuke 17:3 sê *“Die smeltkroes is vir die silwer en die oond vir die goud, maar die Here toets die harte.”* Om goud en silwer suiwer te kry, moet dit eers in die oond geplaas word waar die hitte die onsuiwerhede van die egte metaal skei. Die vers sê “ …vir die oond MAAR…..” As daar gestaan het “…vir die oond EN….” Sou dit beteken dat God dieselfde handeling met ons doen as die oond. Die woord ‘maar’ beteken egter dat die oond se hitte die onsuiwerhede skei, terwyl menseharte slegs deur God gesuiwer kan word. Die verandering in jou hart is nie a.g.v. krisisse wat oor jou pad kom nie, maar die Heilige Gees wat in jou hart werk. As God ons harte suiwer, sal ons lewens ook suiwer wees.
In Psalm 51:8 bely Dawid *“U het ‘n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.”* Na Dawid se owerspel met Batseba, het hy besef dat God nie belangstel in sy goeie werke nie, maar dat sy hart in God se waarheid gevestig moet wees.

Verandering wat in die hart plaasvind, is blywend en beïnvloed elke optrede van jou. Dit raak as't ware tweede natuur. Wanneer slegs my uiterlike gedrag verander, sal dit net hou terwyl ek daadwerklik moeite doen en my motiewe sal nie altyd suiwer wees nie.
Ek moes al dikwels toekyk hoe my kinders foute maak. As hulle na my raad geluister het, sou hulle die vrugte daarvan pluk. Wanneer hulle nie ag geslaan het op my waarskuwings nie, moes hulle die gevolge van hulle dade dra.
As ouer kon ek hulle forseer om die regte besluit te neem, maar dan sou hulle harte nie verander nie en slegs hulle uiterlike optrede sou toon dat hulle na my geluister het. Op dieselfde wyse forseer God ons nooit om keuses te maak nie, al weet Hy ons gaan foute maak. Sy begeerte is dat ons in 'n verhouding met Hom gewillig sal wees om te leer en verander.
Johannes 15 sê *"…elke loot wat vrug dra, maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra."* (Joh. 15:2) My hare het al regop gestaan as ek preke hoor van God wat met 'n groot snoeiskêr in my lewe inspring. Die ergste is dat ek dit self gepreek het.
Jesus sê verder in vers 3 *"Julle is alreeds REIN deur die woord wat Ek tot julle gespreek het."* Die woord 'suiwer of reinig" se stamwoord in die oorspronklike Grieks is skoonmaak. Jesus maak ons dus nie skoon deur beproewinge en swaarkry op ons pad te stuur nie, maar **deur Sy Woord wat ons hoor.**
Die gelykenis van die saaier in Markus 4 vertel duidelik dat vervolging en swaarkry die Woord se invloed in ons lewens steel. Vervolging laat ons nie groei nie. Deur ag te slaan op die waarhede in God se Woord en 'n lewende vehouding met God te hê, sal ons te midde van swaarkry steeds geestelik groei.
Ek het my kinders nie verwerp as hulle nie ag geslaan het op my waarskuwings nie. Ek was jammer vir hulle omdat ek geweet het dwase optredes gaan pyn veroorsaak. Die feit dat ek steeds lief was vir hulle, het hulle vrymoedigheid gegee om ondanks hulle verkeerde besluite, met my daaroor te gesels.
Die Bybel leer ons om in tye van nood die troon van genade met vrymoedigheid te nader. Dis gewoonlik wanneer ek

gefaal of misluk het. As ek in my hart glo dat God my sal verwerp, sal ek nooit na Hom toe gaan as ek gefouteer het nie. Al gaan ek na Hom toe, sal ek glo dat ek nie geregtig is op Sy vergifnis en liefde nie.
Genade is ‘n goddelike vermoë wat my in staat stel om God se wil uit te leef. As ek voor God se troon van genade staan, word ek nie berispe nie, maar vind genade en barmhartigheid wat my HELP om my probleem te bowe te kom.
In ‘n atmosfeer van vrede, liefde en aanvaarding, kan God my hart verander en in staat stel om probleemareas in my lewe te bowe te kom. Hebreërs 4:16 sê *“Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.”* Dis tyd dat ons die God ontmoet van wie Jesus gepraat het. Kom ons laat Hom toe om ons te help met die probleemareas in ons lewe. Kom ons gee Hom ‘n kans om verandering in ons harte teweeg te bring!

Hoofstuk 19

God se Vaderhart

Die eerste boodskap wat ‘n blywende indruk op my gemaak het na my bekering, was die gelykenis van die verlore seun. Alhoewel ek met baie waarhede aangaande die verlore seun kon identifiseer, het ek besef dat die klem in hierdie gelykenis op die Vader se vergifnis val.
In Lukas 15 is Jesus omring deur sondaars wat nie deur die Fariseërs se boodskap van oordeel en verdoemenis bereik kon word nie. Die Fariseërs het Jesus kwalik geneem dat hy met sondaars omgaan en was ontevrede omdat hy selfs saam met hulle geëet het.
Jesus het op hulle ontevredenheid gereageer deur ‘n aantal gelykenisse te vertel. Die gelykenis oor die een verlore skaap vertel van ‘n Vader se begeerte om almal te red wat verlore gaan. Dit beeld die Vader se bekommernis uit oor die verlorenes en die uitbundige vreugde wanneer ‘n verlore sondaar tot inkeer kom*. “Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie. “* (Lukas 15:7)
In die volgende gelykenis (Lukas 15:11-32) wys Jesus vir ons ‘n Vaderhart wat onvoorwaardelik vergewe, die vrees wanneer ‘n persoon misluk en die kritiek van die self-regverdige. Die gelykenis handel oor ‘n jonger seun wat sy erfgeld opeis om die wêreld te gaan geniet. Let daarop dat dit die vader se eie seun is en nie ‘n buitestaander nie. Dis ‘n kind van God wat ‘n erfporsie het, maar die goeie dinge van God verwerp.
Terwyl die seun in die wêreld rondflenter, tref ‘n droogte die streek en die verlore seun se geld raak op. God het NIE hierdie situasie veroorsaak nie. Johannes 10:10 sê duidelik dat die dief gekom het om te steel, dood te maak en te vernietig. Nadat die dief ons versoek om eerder wêreldse dinge na te jaag, vernietig hy ons selfvertroue voor God met skuldgevoelens oor ons sonde en dan val hy ons met leuens oor God aan. As die aanklaer van mense, oortuig hy ons dat

God ons nie liefhet of kan vergewe nie en laat ons glo dat dit verkeerd sal wees om na God terug te hardloop as ons in die moeilikheid is. Uiteindelik oortuig hy ons dat God die een is wat ons straf deur slegte dinge met ons te laat gebeur. Sodoende draai ons dikwels die rug vir altyd op God.
Soos die meeste van ons wat faal, het die jonger seun nie dadelik na sy pa teruggegaan nie. Hy het eers gekyk of die wêreld hom nie kan help nie. Hy het nie selfvertroue gehad om na sy pa terug te keer na al die hartseer wat hy sy pa veroorsaak het nie.
Ongeag sy opvoeding en agtergrond, bevind die verlore seun hom uiteindelik tussen varke wat hy moes oppas. Vir ‘n Jood kon niks erger gebeur as om met varke geassosieer te word nie. Dit is Satan se uiteindelike plan met ons elkeen: vernedering en ‘n verlies van ons identiteit. Die verlore seun was nog steeds die kind van ‘n welgestelde man met ‘n identiteit en tuiste. Die enigste ding wat in sy pad gestaan het, was ‘n leuen wat hy aangaande sy vader geglo het. Lukas 15:17 sê; *“Maar hy het tot homself gekom en gesê: ‘Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood en ek vergaan van honger!’”* Die verlore seun moes eers die waarheid glo, want hy het gedink sy pa sal hom verwerp en wegjaag. Hy het baie negatiewe gedagtes aangaande sy pa gekoester wat nie op die waarheid gebaseer was nie.
Die meeste van ons gedagtes en besluite is nie gebaseer op die waarheid nie, maar op ons eie persepsie van wat die waarheid behoort te wees. Daarom poog Satan so hard om ons in godsdiens gevange te hou, want dan is ons nie vry nie. (Romeine 8:32) Sedert die Donker Eeue het die Katolieke Kerk vrees gebruik om mense te manipuleer. Mense is met leuens mislei deurdat die waarheid oor God verdraai is.
Die boodskap van oordeel en verdoemenis is afkomstig van daardie era. Voor die kerk nie vry is van hierdie boodskap nie, sal mense nie na God as ‘n Vader kyk nie. Aangesien die meeste mense God beskou as die oorsaak van al hulle probleme, sal hulle, nes die verlore seun, nie na God wil terugkom nie. Alhoewel vervolging en beproewing van Satan afkomstig is, besef baie gelukkig wat die volle waarheid is. (Markus 4:14 – 17)

Die verlore seun het die goeie in sy vader se huishouding onthou en hoe lekker dit daar was. Ongelukkig besef die meeste Christene nooit hoe goed God waarlik is nie. Dikwels sê Christene: “Dit het met my beter gegaan voor ek ‘n Christen geword het. Toe was daar nie soveel krisisse in my lewe nie. “ Ek moet die waarheid glo dat God ‘n goeie God is, voor ek dit in my lewe kan beleef. As ek negatiewe gedagtes rondom God koester, sal ek altyd van Hom wegvlug as ek gefouteer het.
Alhoewel die verlore seun nie die volle waarheid verstaan het nie, het hy wel onthou hoe goed dit was om in sy vader se huishouding te wees. Selfs die huurlinge het ‘n beter lewe as hy gelei wat varke moes oppas. In
Lukas 15:17 – 19 berei hy voor wat hy vir sy pa sal sê. Wat ‘n verskil tussen sy verwagting en wat hy wel beleef het met sy tuiskoms!
Met die verlore seun se tuiskoms, het hy nie ‘n lys klagtes aangehoor van al sy foute en mislukkings nie. Sy vader het hom met deernis omhels en nie geoordeel nie. Terwyl die seun met ‘n geboë hoof nadergekom het, het sy vader met vreugde nadergehardloop en hom omhels. Voordat die verlore seun enigiets kon verduidelik, het sy vader hom ‘n liefdevolle kus gegee wat gespreek het van volle aanvaarding en blydskap.
Die verlore seun het gesê: *“Ek het gesondig en is nie langer werd om jou seun genoem te word nie…”* Die vader het hierop geantwoord: *“Bring die beste kleed…en bring die vetgemaakte kalf en laat ons feesvier.”*
(Lukas 15:22 – 23) Terwyl berouvolle belydenis noodsaaklik is, moet ons besef dat ons Hemelse Vader ons met ‘n kus wil verwelkom en net die beste vir ons wil gee.
Nadat die vader sy seun sy beste kleed laat aantrek en ‘n ring aan sy vinger gesteek het, is die seun herstel in sy posisie as seun van die vader voordat hy al sy erfgeld gaan uitmors het. Hy het nie met sy tuiskoms ‘n laer posisie in die huishouding ingeneem nie. Alhoewel die ander mense in die huishouding ‘n rukkie geneem het om hom weer te aanvaar, het sy vader hom onmiddellik aanvaar en herstel in sy posisie. Die vetgemaakte kalf wat geslag is en die fees wat gehou is om sy tuiskoms te vier, getuig van sy vader se

voorsiening. As ons na God die Vader terugkeer, sal ons ook nie meer nood en behoefte ervaar nie. (Psalm 23:1)
Die oudste seun verteenwoordig diegene wat nooit mislukking ervaar en hulself nie as sondaars beskou nie. Hulle weet nie wat dit beteken om met skaamte en vernedering voor God te staan nie. Dikwels kyk hulle neer op die mense wat volgens hulle nie God se goedheid verdien nie. Jesus het egter juis aarde toe gekom vir diegene wat faal en misluk. Dit sluit die koppige sondaar sowel as die vervalle Christen in.
Nes die oudste seun, ervaar hierdie Christene dat hulle ook nie deel in God se seëninge nie. Hulle dink hulle moet God se seëninge en beloftes VERDIEN. Hulle dien God dus dag en nag, maar sonder vreugde, anders vertoon hulle dalk ligsinnig. Daarom glo hulle die sondaar wat fouteer moet boet vir sy sonde. Hulle gee nie om as so ‘n sondaar vergewe word nie, maar hy mag beslis nie in God se seëninge deel nie……
As jy weggedwaal het van God, is dit nou die tyd om terug te keer na Sy liefdevolle arms wat net wag om jou te omhels. Laat Hom toe om jou in jou posisie as Sy kind te herstel. Namate jy Sy goedheid beleef, sal jy die krag en vrede van Sy genade beleef. Laat God toe om van jou ‘n vredemaker te maak wat hierdie boodskap van goeie nuus verder versprei in ‘n wêreld waar mense nog in ‘n kwaai God glo.

Hoofstuk 20

Predikers wat veroordeel

God is nog altyd verkeerd interpreteer deur predikers met veroordelende boodskappe. Geestelike leiers moet besef dat hulle emosies en opinies nie noodwendig dieselfde is as God s'n nie. Predikers met woede in hulle harte voel dat "sterk boodskappe" wat gemik is op straf en oordeel, mense in toom sal hou. Die Bybel waarsku egter *"…wees stadig om te praat, stadig om toornig te word. Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.* " (Jakobus 1:19 – 20)
Baie predikers met 'n veroordelende boodskap dink hulle doen God 'n guns, maar harde woorde bring nie 'n hartsverandering teweeg nie. Inteendeel; dit lei tot nuwe probleme*. "…'n krenkende woord laat die toorn opkom."* (Spreuke 15:1) *"'n Driftige man verwek twis, maar die lankmoedige laat die geskil bedaar."* (Spreuke 15:18) *"Die noordewind bring 'n reënbui voort, en die tong wat agteraf praat – kwaai gesigte."* (Spreuke 25:23) *"'n Opvlieënde man verwek twis …"* (Spreuke 29:22) Veroordelende boodskappe lei dus nie tot berouvolle belydenis en 'n hartsverandering nie, maar tot rebellie. Dis nie my opinie nie; dit is wat die Bybel sê. As ons die Bybelse beginsels van onderrig verontagsaam, veroorsaak dit probleme. Kwaai predikers is soos ouers wat voor hulle kinders skinder, maar hulle kinders dan vir slegte gedrag straf. As leermeesters of ouers kritiseer en skinder, sal hulle leerlinge of kinders ook kritiseer en skinder.
Die enigste manier om 'n ambassedeur van God te wees, is om in liefde te leef. 1 Johannes 4:12 sê God bly in ons as ons mekaar liefhet. Die preekstoel is nie by 1 Korinthiërs 13 uitgesluit nie – liefde moet juis van die preekstoel verkondig word!
'n Prediker oefen 'n geweldige invloed op mense uit. Die manier waarop hy met mense kommunikeer, is die manier waarop hulle glo God met hulle sal kommunkeer. As 'n prediker mense verwerp, glo hulle dat God hulle ook sal verwerp. As hy vergewe, glo hulle God sal hulle ook vergewe.

‘n Paar jaar gelede het ek ‘n middernagtelike oproep ontvang. ‘n Desperate stem het my gevra om na sy huis te kom. Toe ek by hierdie goeie vriend se huis instap, was hy in trane, skaam en hartseer. Hy het my ‘n verhaal van perversiteit en sonde vertel. Sy geheime sondes het hom tot raserny gedryf en hy moes dit net eenvoudig teenoor iemand bely. Nadat hy sy sonde bely het, het ons saam gebid vir God se vergifnis. Toe ek opstaan om te loop, het hy verbaas gevra of ek dan nie ‘n duiwel uit hom gaan uidryf nie. Ek het hom onmiddellik geantwoord: ‘Jy het nie teen my gesondig nie, maar teen God en aangesien jy nou net hierdie saak met Hom uitgemaak het, is dit volgens my afgehandel.’

Oppad huistoe, het ek die Here gevra of ek reg geantwoord het. Die Here het onmiddellik gereageer: ‘Omdat jy hom nie verwerp het nie, maar genade getoon het, kon hy My genade ook ervaar. Omdat jy hom aanvaar het, kon hy My aanvaarding ook ervaar.’

Jare later het ek self deur ‘n krisis gegaan en loop hom toe by ‘n konferensie raak. Hy het na my gestap en terwyl ons ‘n rukkie oor my probleme gepraat het, het ek net aanvaarding en vergifnis beleef. Hy het my herinner aan die aand toe ek by hom was en gesê dat ek daardie aand sy lewe gered het. Die manier waarop ek teenoor hom opgetree het, het hom selfvertroue gegee om God se allesoorheersende genade onvoorwaardelik te glo.

Wat ons uitleef, is wat mense gaan raaksien van die God wat ons dien. Moenie toelaat dat jou woede en wantroue hulle wegdryf van God nie. Predikers word dikwels oorweldig deur mense se sonde en dit kan veroorsaak dat hulle boodskappe van oordeel begin verkondig in plaas van God se vrede.

Siek mense gaan dokter toe sodat hy hulle kan genees. Die dokter kan nie weier om hulle te behandel omdat hulle siek is nie. Sy beroep is juis om siek mense te help sodat hulle genees kan word. Wanneer ons as Christene harteloos optree, word ons motiewe blootgelê. Is ek in die bediening om gebroke mense te bedien en te help, of gebruik ek mense om aan my eie koninkryk bediening) te bou? ‘n Dokter probeer nooit ‘n pasiënt vernietig nie, maar doen sy bes om die siekte te vernietig. Net so moet ons as Christene nie mense vernietig wat in sonde leef nie, maar hulle eerder help.

As ons mense van God wegdryf met ‘n boodskap van veroordeling, kan niks of niemand anders hulle help nie. *“Maar as ons in die lig wandel soos HY in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.”* (1 Joh. 1:7) Net ‘n verhouding met Jesus kan hulle reinig van die impak van sonde in hulle lewe en hulle laat verander.
Selfs Moses het hiermee gesukkel. In Numeri 20:7 – 13 sê God hoe Moses Hom aan die volk moet voorstel. In plaas daarvan om die rots in geloof aan te spreek om water te gee, het Moses die rots met sy staf uit woede geslaan. Psalm 106:32-33 verduidelik wat gebeur het: *“Hulle het hom vertoorn by die waters van Meriba en dit het met Moses sleg gegaan om hulle ontwil; want hulle was wederstrewig teen Sy Gees, sodat hy ONVERSKILLIG GEPRAAT HET MET SY LIPPE.”* Moses se woede het veroorsaak dat hy sy mond nie beheer het nie en hy in woede gereageer in plaas van genade.
Woede beteken God sal jou doodmaak oor iets, terwyl genade beteken God wil jou uithelp en red. Frustrasie en ongeloof lei tot woede. Spreuke 19:11 sê *“Die verstand van ‘n mens maak hom lankmoedig, en dis vir hom ‘n eer om die oortreding te vergewe.”* Ongeloof glo of sien nie dat God ‘n situasie kan verander nie. Begrip maak jou egter lankmoedig omdat jy in God se beloftes glo.
Moses het geleer dat woede tot dwaasheid lei. “*Wie kortgebonde is, begaan sotheid…”* (Spreuke 14:17) Woede verdraai die waarheid en predikante wat met woede sukkel, sukkel eintlik met onvergifnis. Ons wil nie diegene vergewe wat ons te na gekom het nie en verwag dieselfde optrede van God.
Woede teenoor ander is ook ‘n vorm van self-regverdigheid. Ons laat na om eers die balk uit ons eie oog te haal, omdat ons heeltyd kyk of ander ons nie te na kom nie. Deur op ander se foute te fokus, vergeet ons geriefshalwe van ons eie.
Moses het die rots reeds in Exodus geslaan om water te gee vir ‘n groep mense wat dit allermins verdien het. Hierdie keer was Moses kwaad en het die rots uit woede geslaan. Dis ‘n simboliese heenwysing na Christus wat dan weer ‘n keer

gekruisig moes word en dui op die oordeel van God vir diegene wat Christus nie aanvaar nie, al het Hy vir ALMAL die straf vir sonde gedra.
Nadat ek my studies aan die Bybelskool voltooi het, was daar ‘n oplewing van boeke en profesieë wat oor God se oordeel gehandel het. Terwyl ek hierdie boeke gelees het, het dieselfde gees van oordeel my beïnvloed. Ek het woede ervaar teenoor mense vir wie ek lief was. Waar ek vroeër hulle potensiaal raakgesien het, het ek nou net hulle foute raakgesien. Vroeër het ek geglo God kan hulle verander, maar nou wou ek hê God moes hulle straf omdat dit hulle dade toekom. Hierdie boeke en profesieë het nie hoop gebring nie. Dit was te laat vir Amerika en vir die wêreld. Ek sal nooit vergeet watter negatiewe impak daardie boeke en profesieë op my lewe gehad het nie.
Negatiewe profesieë ontlont vrees en ongeloof . Spreuke 11:1 sê: *“Deur die seën van die opregtes kom ‘n stad op, maar deur die mond van die goddelose word dit afgebreek.”* ‘n Seëning is wanneer ons ‘n goeie positiewe stelling maak, terwyl ‘n vloek negatiewe dinge is wat gesê word. Jesus het die vyeboom vervloek en dit het gesterf. Ons vervloek ons nasie, ons kerk en ons gemeentes deur negatiewe dinge te sê. Wanneer dit dan in vervulling kom, is dit nie deur God se toedoen nie. Vrees en ongeloof wat deur negatiwiteit ontstaan, laat hierdie dinge tot vervulling kom.
Kerkgangers tree dikwels soos kinders op. Ouers met emosioneel-versteurde kinders is krities en foutvinderig. Predikante wat mense moet opbou, breek hulle eerder af met woorde van veroordeling. Om fout te vind, maak niemand effektief nie en in die teenwoordigheid van ‘n kritiese persoon, is jy geneig om meer foute te maak.
Ek het al dikwels gehoor: ‘Ek is ‘n profeet en het ‘n sterk woord vir die
gemeente.’ Solank hierdie woord opbouend is, is dit goed. Die Nuwe Testament se riglyne vir profesie is*: “Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting, troos en bemoediging.”* (1 Korinthiërs 14:3) Volgens die Bybel moet profesieë dus opbou en nie afbreek nie. Vertroos en nie veroordeel nie.

Esegiël 13 waarsku teen profesieë wat uit jou eie hart kom. Vers 3 sê *"…wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel en agter dinge wat hulle nie gesien het nie."* Meet elke profesie aan God se standaard en laat die profete wat verdoem, hulle eie motiewe ondersoek.
1 Timotheüs 1:5 sê*: "Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof."*
Alle leringe, preke en profesieë moet 'n begeerte by mense skep om in liefde te leef met 'n rein hart. God wil hê ons moet vry wees van skuldgevoelens en ontoereikendheid en in geloof met Hom leef. Om vrees en ongeloof by mense aan te wakker, sal hulle allermins in geloof laat leef.
Onthou, die boodskappe wat ek van die kansel af 'saai', is wat ek en die gemeente sal 'maai' in ons lewens. ' n Kwaai prediker veroorsaak woede onder sy gemeentelede. As ek as prediker kritiseer, sal dit kritiek uitlok by my gemeente. As ek mense met foute verwerp, sal hulle my verwerp as hulle my sien fouteer.
Ek moet eers by God genesing kry vir dinge waarmee ek sukkel, voordat ek ander kan help om genees te word. Mense wat na my toe kom vir hulp, moet God se genade en onverdiende goedheid ervaar!

Hoofstuk 21

Balaam se fout

In die kerkgeskiedenis was daar nog altyd mense met hulle eie agendas. Sommige wil mense gebruik tot hulle eie voordeel. Ander wil graag God se boodskap verkondig, maar weens onkunde en ongeloof vertrou hulle nie God se metodes nie.
Glo ek God se Gees kan mense verander as hulle die waarheid hoor? Of moet ek vrees en manipulasie gebruik om God se wil te laat geskied? As ek egter van Bybelse beginsels afwyk om iemand te 'help', sondig ek.
Toe ek Jesus destyds aangeneem het, het die man wat die evangelie met my gedeel het, gevloek en Skrifgedeeltes godslasterlik aangehaal. Ek het die evangelie uit 'n verlore sondaar se mond gehoor. Tog het die Heilige Gees iets in my gees laat gebeur toe ek die Woord van God hoor. Ek is daarvan oortuig dat God net die waarheid nodig het om iets te laat gebeur. Baie Christene dink dat hulle mense met vrees kan dwing om tot bekering te kom. Vrees kan wel jou optrede verander, maar slegs liefde verander jou hart.
Die Bybel waarsku ons teen die fout wat Balaam gemaak het en Balaam se manier van optrede. Al is dit twee verskillende konsepte, is albei sonde deur dieselfde persoon gepleeg. Ons moet kennis dra van albei en albei vermy*. "Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Bileam gestort en in die verset van Korag omgekom."(*Judas 11)
Volgens Lenski is die klimaks in Judas se waarskuwing, 'om die weg van Kain te bewandel.' Met ander woorde om God se Woord te weerspreek. Die rede waarom hulle teen God se Woord opgetree het, is omdat hulle iets daarby kon baat. Kom ons kyk hoekom Balaam God se Woord weerspreek het.
Die sendbrief van 2 Petrus vertel hoe Balaam onregverdig opgetree het vir eie gewin. Ons identifiseer gewoonlik baie vinnig 'n persoon wat die bediening vir eie gewin misbruik. Judas skryf weer oor Balaam se fout en assosieer dit met

Kain en Korag. Balaam se fout was dat hy gedink het God kan vervloek wat Hy eers geseën het. Balaam het gereken as hy as profeet iets sê, moet dit waar word. Hy het God se mense vervloek omdat hy gierig was. Sy gierigheid het hom egter genoodsaak om sy fout reg te maak.
Ons maak dikwels hierdie selfde fout, maar nie uit gierigheid nie. Dikwels wil ons so graag hê dat ons familielede of vriende hulle moet bekeer, dat ons hulle vervloek met die doel dat hulle tot inkeer sal kom. Ons glo die doel heilig die middele. Maar ondanks ons goeie bedoelings, is dit SONDE om iemand met vrees te manipuleer.
Ons raak opgewonde as ons sien hoe mense hulle optrede verander weens vrees vir ons veroordelingsboodskap. Hierdie verandering is egter nooit permanent nie. Wanneer mense moeg raak om goed te doen, raak hulle moedeloos en sondig weer. Sodoende hou hierdie kringloop nooit op nie. Vrees kan harte nooit regtig verander nie en sulke verandering is altyd kortstondig.
Die duiwel ontmoedig ons graag. Hy wil hê dat God se kinders vervloek moet wees en ongelukkig is dit nooit moeilik om ‘n kwaai en veroordelende Christen te kry wat namens God wil praat nie. In Numeri 22:12 staan*: “Toe sê God vir Bileam: ‘Jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd’”* Hoeveel te meer is God se kinders nie geseënd onder die Nuwe Verbond nie!
Ons is vrygespreek van die vloek en geen persoon kan ons namens God vervloek nie*. “…niemand wat deur die Gees van God spreek mag Jesus ‘n vervloeking noem nie…”* (1 Korinthiërs 12:3) Ons is die liggaam van God en om God se kinders te vervloek, beteken dat jy Jesus vervloek. Toe Saul die kerk vervolg het, het Jesus met Sy verskyning aan hom gevra*: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?”* (Hand. 9:4) Om die kerk te vervolg, beteken dat jy Jesus vervolg. Om oordeel oor ‘n kind van God of die kerk uit te spreek, beteken dat jy Jesus veroordeel.
In Christus is ons vrygespreek van enige veroordeling*. “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.”* (Romeine 8:1) Veroordeling is wanneer ons verwag om gestraf te word. Aangesien ons egter nuwe mense in

Christus is, hoef ons nooit weer bang te wees vir straf nie. Ons is versoen met God en regverdig verklaar *"…nou dat ons regverdig is in Sy bloed, deur Hom gered van die toorn."* (Romeine 5:9)
Mense wat nog steeds veroordeel, weerspreek die Kruis. Hulle mag goeie motiewe hê, maar maak dieselfde fout as Balaam. Ons moet manipulasie voor God bely, want dit is in stryd met God se wil en karakter. *"Of verag jy die rykdom van Sy goedertierenheid, verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?"* (Romeine 2:4)
Ons moet versigtig wees om mense nie te kritiseer of oordeel wat ander veroordeel nie, want dan leef ons nie God se liefde teenoor hulle uit nie. Moet boodskappe van veroordeling NOOIT glo nie. *"…elke tong wat teen jou opstaan in die gereg(oordeel), sal jy weerlê, want jou geregtigheid is uit MY."* (Jesaja 54:17) 'n Boodskap van oordeel en verdoemenis is nie Skrifgetrou nie en geensins God se gesindheid teenoor mense nie. Hy het dan deur Jesus VREDE verklaar.

Hoofstuk 22

God se oordeel

Een van die geskilpunte in die kerk is God se oordeel met die wederkoms. Daar gaan WEL ‘n dag van oordeel aanbreek en dit gaan erger wees as wat die doemprofete voorspel, want die uitsprake gaan vir ewig wees.
Die boek Openbaring gee ons ‘n deeglike beskrywing wanneer God se oordeel oor die mense gaan losbars wat Jesus verwerp het. Die wedergebore Christene is egter vir ewig gevrywaar teen God se oordeel. Johannes sê in Openbaring 1:10 *“Ek was in die Gees op die dag van die Here…”* Die dag van die Here verwys na die tydperk van God se oordeel oor die aarde. Al die gebeurtenisse waarvan Openbaring vertel, gaan dan in vervulling kom. Let daarop dat selfs hierdie finale oordeel nie berou sal bring nie. *“En hulle het hul nie bekeer van hul moored en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.”* (Openbaring 9:21)
Wanneer ongeredde mense voor God gaan staan, sal dit voor die Groot Wit Troon van Oordeel wees. Diegene wat Jesus nie aanvaar het as hulle regverdigheid nie, sal deur God geoordeel word volgens hulle eie werke, want dis die enigste regverdigheid waarop hulle kan roem. Hulle het die gratis geskenk van Jesus se regverdigheid verwerp en om voor God te staan sonder Jesus, beteken die ewige hel. *“Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.”* (Romeine 3:20)
Volgens die Bybel is dit regverdig om die wêreld te oordeel wat God se geskenk van regverdigheid verwerp het. Jesus het reeds die sonde, vloek en hel se lyding verdra, sodat ons dit nie hoef te doen nie. Geen mens hoef hel toe te gaan nie, omdat Jesus vir ALLE mense se sonde gesterf het. Dit is eintlik ondenkbaar dat enigiemand Jesus se grootse geskenk kan verag. Hierdie mense sal nie geoordeel word omdat hulle sonde gedoen het nie, maar omdat hulle eerder op hul **eie regverdigheid** vertrou het.
Daarom is dit so noodsaaklik dat ons God se boodskap van vrede aan almal sal verkondig, want dit is tot ALMAL se

beskikking. Gaan deel die goeie nuus dat ‘n persoon nie hel toe sal gaan as hy Jesus se geskenk van regverdigheid aanvaar nie. Ons het ‘n keuse op aarde en ons ewigheidsbestemming hang van ons eie keuse af.
Die wedergebore gelowige sal NOOIT voor die Wit Troon van Oordeel staan nie, maar voor die regterstoel van Christus. Twee Korinthiërs 5:10 verklaar onomwonde: *“Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.”*
Beteken dit dat ons sonde en foute voor almal ontbloot gaan word? Nee, ek dink hierdie vers word verkeerd interpreteer. Ek is nie seker hoe alles presies sal wees nie, maar glo ons werke gaan deur die vuur getoets word om te sien of dit hout, strooi of kosbare metale is. *“Elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.”* (1 Kor. 3:13)
Dade wat gebaseer is op ons regverdigheid as Christene, is goeie werke. In Christus is ons elkeen geroep om vrugte te dra, omdat ons ‘n doelwit het. Nuttelose werke is egter dinge wat ons uit ons eie krag doen om ons voor God regverdig te maak. Dis ‘n bewys dat ons nie in Jesus se werk aan die kruis glo nie en daarom sal hierdie werke in die vuur verbrand word. Al word AL ons werke verbrand, sal ons steeds gered word as ons in Jesus geglo het. *“…as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.”* (1 Kor. 3:15)
Die eintlike rede waarom ons voor Jesus gaan staan, is om ons beloning te ontvang. Een Korinthiërs 3:14 sê: *“As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang.”* Ons gaan vergoed word vir alles wat ons gedoen uit dankbaarheid vir God se goedheid. Al verstaan ek nie alles wat gaan gebeur nie, glo ek dat dit alles met baie glorie en vreugde gepaard sal gaan.
Kom ons leef in liefde teenoor God en ons naaste en bedien mekaar met God se genade. Laat ons lewe God verheerlik in plaas van ons eie. Aangesien ons bewus is dat daar ‘n oordeelsdag gaan wees, moet ons moeite doen om mense te vertel van God se liefde en goedheid vir hulle. Ons leringe en

waarskuwinge moet egter nie gepaard gaan met vrees nie, maar liefde, sodat mense se harte deur die goeie nuus kan verander.
Ons mag nooit op mense neerkyk wat verlore gaan of teruggeval het in hulle Christenskap nie. Laat ons mense met dieselfde passie behandel as God wat Sy enigste Seun geoffer het sodat almal die ewige lewe kan verkry. Laat mense proe en sien dat God goed is as hulle God in ons lewens beleef. Omdat daar vrede is tussen God en Jesus, moet daar tussen Hom en ons as Sy ambassadeurs ook vrede wees.
Ons mag nie in vrees lewe nie, omdat vrees nie van God kom nie. Vrees laat mense van God wegvlug na ‘n ewige verdoemenis. Openbaring 21:8 sê: *“Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges…., hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.”* Van alle sonde is vrees en ongeloof die ergste. Vrees weerhou jou om ‘n God te vertrou wat jou oneindig liefhet en vir ewig saam met jou wil leef. Laat ons God dan dank dat ons vrygeskeld is van die ewige poel van vuur, omdat Jesus reeds die oordeel in ons plek gedra het. Ons hoef NOOIT weer te vrees om geoordeel te word nie. DANKIE JESUS!

Hoofstuk 23

Ons behoefte na vrede

In my beginjare as prediker, was dit belangrik om na mense se fisiese behoeftes om te sien. Aangesien ekself lang tye met siekte geworstel het, het ek ‘n passie vir mense met fisiese pyn en was ook bevoorreg om tydens my wêreldwye uitreikings verskeie wonderwerke te sien gebeur.
Ek het egter besef dat mense se emosionele en geestelike behoeftes groter is as hulle fisiese behoeftes. Wanneer emosionele behoeftes vervul word, is dit maklik om na die fisiese behoeftes om te sien. ‘n Persoon se emosionele behoeftes kan slegs vervul word wanneer hy Jesus se liefde persoonlik ervaar.
Mense het ‘n behoefte na God se liefde en vrede. Trouens, ons almal begeer om deurtrek te wees met positiewe emosies wat slegs uit ‘n verhouding met Jesus kan spruit. Ons kan siekte, pyn en armoede miskien verduur, maar armoede in ons gees, vernietig ons. Spreuke 18:14 stel dit as volg*: “Die gees van ‘n man ondersteun hom in sy krankheid; maar ‘n verslae gees – wie kan dit opbeur?”*
Fisiese genesing beteken niks as jy ‘n gebroke hart het nie. Voorspoed neem nie eensaamheid weg nie. Sukses is nie ‘n plaasvervanger vir menswaardigheid wat ons net by kan Jesus kry nie.
God het die mens geskape en in die paradys geplaas waar daar geen pyn of swaarkry was nie. Die mens het in ‘n betekenisvolle verhouding met God geleef. Ons is dus gemaak om in ‘n volmaakte omgewing te leef waar ons omring is met vrede, liefde en aanvaarding.
Die dag waarop Adam die verbode vrug geëet het, het hy ‘n nuwe vermoë gekry, nl. om te onderskei tussen goed en kwaad. Die mens het dus nou self begin besluit wat reg en verkeerd is, sonder om God in ag te neem. Stelselmatig het die mens God se standaarde verwerp en sy eie standaarde bepaal. Dit was die begin van godsdiens.
In godsdiens wil die mens self bepaal hoe om God te nader. Godsdiens het veroorsaak dat Kain vir Abel doodgemaak het.

Kain het Abel gehaat, omdat God sy offer aanvaar en syne verwerp het. Kain het hard gewerk vir sy offer en volgens hom was sy offer waardevoller, maar Kain het op sy eie regverdigheid en vermoëns staatgemaak. *"Kain het sy broer doodgeslaan. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig."* (1 Joh. 312)

Jare later sê Paulus in sy brief aan die Galasiërs dat mense wat uit die vlees leef, altyd diegene wat uit die gees leef, sal vervolg. Die godsdienstige persoon sal dus altyd die regverdige persoon vervolg. Hoekom? Die godsdienstige persoon verag die regverdigheid wat God ons gegee het. Godsdiens is die mens se eie poging om in 'n regte verhouding met God te wees en vrede te verkry op 'n wyse wat hy verstaan. Vir die godsdienstige persoon maak dit sin om reg op te tree en diegene wat nie hiermee saamstem nie, word ten alle koste verkeerd probeer bewys.

As godsdienstiges ons nie verkeerd kan bewys nie, is dit maklik om ons dood te maak en dis presies wat Kain gedoen het. Sedert die sondeval, wil die godsdienstige altyd reg wees. Adam het besluite sonder God begin neem. Toe hy ontdek het dat hulle kaal is, het hy self 'n plan probeer prakseer om hul naaktheid te bedek. Elke besluit wat sonder God geneem word, lei egter net tot pyn, swaarkry en skeiding van God.

Ongeag hoe suiwer ons motiewe, goeie bedoelings of toegewydheid aan God; word God en Sy waarheid verwerp as ons self wil bepaal wat reg of verkeerd is*. "Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie."* (Romeine 10:3)

Elke poging van ons kant om regverdig te wees, sal 'n negatiewe uitwerking hê. Terwyl ons dit regkry, sal ons vrede ervaar, maar as ons moeg raak of misluk, verloor ons alle vrede. Ons sal dus nooit permanent vrede ervaar nie. Volgens die Bybel kan eie werke jou NOOIT regverdig maak nie, maar jou slegs bewus maak van jou eie tekortkominge en sonde.

Die ander probleem is wanneer mense van ons verskil met 'n opinie oor regverdigheid. Ons moet hulle heeltyd verkeerd

bewys, om ons eie vrede te handhaaf. Die stryd is nimmereindigend en ons is nie gemaak om so te leef nie. God begeer dat ons in ‘n verhouding met Hom en ander mense sal wees van eensgesindheid. Dit kan slegs gebeur as ek vrede ervaar en ek kan net vrede ervaar as ek weet dat ek regverdig is. Ek is net regverdig as ek Jesus se geskenk van regverdigheid in die geloof aanvaar. Romeine 5:1 stel dit so mooi: *“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.”*
‘n Christelike lewe sonder vrede is ondenkbaar. Regverdigheid lei tot vrede tussen my en Jesus en vrede gee my weer selfvertroue om God met vrymoedigheid te nader. Weens my regverdigheid, het ek ook toegang tot God se genade (God se vermoë) om probleme te oorkom. Sonder vrede, is daar nie sprake van ‘n verhouding, selfvertroue of God se genade in my lewe nie. Sonder God se genade en vermoë wat vir my beskikbaar is, is ek beperk tot my eie vermoëns om God te dien en dis totaal onmoontlik. Ek het God se vrede baie nodig!

Hoofstuk 24

Meer as jou gemoedstoestand

Baie dinge kan jou rustig maak, maar dis kortstondig sonder God se waarheid. As jy nie in God glo nie, mag jy wel ‘n sekere mate van vrede op aarde ervaar, maar dit het nie ewigheidswaarde nie.
‘n Mens kan jouself van baie dinge oortuig. As jy nie in ‘n hel glo nie, sal jy vrede ervaar al verwerp jy God. Dis egter nie volgens God ‘n realiteit nie. As jy jouself oortuig dat God jou liefhet omdat jy regverdig leef, mag jy vrede ervaar, maar dis ook nie ‘n realiteit nie.
Slegs God se vrede is gebaseer op realiteit omdat dit nie op ‘n leuen gebaseer is en ook nie na gelang van omstandighede verander nie. Slegs deur hierdie kruis-boodskap waarlik te glo en jou eie te maak, sal jy ‘n vrede ervaar wat niks en niemand van jou kan wegneem nie
Die realiteit waarin jy glo, raak die realiteit wat jy beleef.
Die apostel Johannes het gesê: *“En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.”* (1 Joh. 4:16) ‘n Ander vertaling stel dit so: *“toe ons in God se liefde geglo het, het ons dit ook beleef.”*
Die Griekse woord vir “weet” beteken om iets in die praktyk te ervaar. Om God se liefde te ervaar, moet jy dus eers in Sy liefde vir jou glo. Ons kan die omvang van God se liefde net verstaan in die lig van die kruis. *“Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes.”* (1 Joh. 4:9-10)
Die realiteit dat Jesus aarde toe gekom het, my sonde GEWORD en sodoende God se oordeel in MY plek verduur het sodat daar versoening kan kom tussen my en God, demonstreer God se liefde baie duidelik! Die wete dat ek daardeur regverdig voor God kan staan, vul my met Sy vrede. Geen kalmeermiddel, sonde of eie pogings kan die

vrede en vervulling bring wat ek ervaar as ek God se liefde en vrede beleef nie…
Deur die kruis het God vrede verklaar tussen Hom en my. Is ek bereid om hierdie vrede te aanvaar? Miskien is dit tyd dat jy die volgende gebed saam met my bid:
“Vader, ek kies vandag om die waarheid te glo. U het Jesus aarde toe gestuur om my sonde te word. As straf vir my sonde, moes Jesus hel toe gaan. Hy het my sonde oorwin en opgestaan uit die graf. In Hom het ek die geskenk van regverdigheid ontvang. Dankie dat ek regverdig voor U kan staan en nooit weer op my eie pogings hoef staat te maak nie. Ek bely vandag dat U nog nooit vir die pyn en seerkry in my lewe verantwoordelik was nie en dat U my nie oordeel nie. My eie sonde en ongeloof het die pyn in my lewe veroorsaak. Ek sal nooit weer glo dat U my wil seermaak nie. Ek wil U vrede ervaar omdat ek in Jesus regverdig is. U bemin my met ‘n allesoorheersende liefde. U aanvaar my onvoorwaardelik en is altyd by my. Ek is aanvaar IN U Geliefde Seun!”